Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

# REKTOR SE BESTUURSVERSLAG AAN DIE RAAD

Maandag 20 Junie 2022

Prof Wim de Villiers,
Rektor en Visekanselier

## Inhoudsopgawe

INLEIDING ..... 4
TEMA 1: 'N FLORERENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH ..... 6
1.1 Institusionele oudit ..... 6
1.2 Stelselvernuwing ..... 6
1.3 US in die nuus (17 Feb–4 Mei 2022) ..... 7
1.4 Nuwe handelsmerk ..... 8
1.5 Kommunikasiebeleid ..... 9
1.6 Inligtingsbestuur ..... 9
1.7 Institusionele moniteringskomitee teen geslagsgebaseerde geweld ..... 9
1.8 Aanlyn platform vir aanmelding van diskriminasie en teistering ..... 10
1.9 Kampusvernuwing ..... 10
1.10 Omgewingsvolhoubaarheid ..... 12
1.11 Maties Sport spring goed weg ..... 13
TEMA 2: 'N TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING ..... 14
2.1 April 2022-gradeplegtighede ..... 14
2.2 Studente-inskrywings ..... 15
2.3 Studentewerwing ..... 16
2.4 Voorgraadse aansoeke vir 2023 ..... 17
2.5 Werwingsbeurse ..... 18
2.6 Ikusasa-finansiëlehulpprogram vir studente (ISFAP) ..... 18
2.7 CEFF-Kanseliersbeursprogram by die US ..... 19
2.8 Koshuisplasings ..... 19
2.9 Werkgroep oor privaat studentehuisvesting ..... 20
2.10 Rektorsontbyt met studente ..... 20
2.11 Transformasieberaad en -handves ..... 21
2.12 Siyakhula ResEd-program ..... 21
2.13 Medemenslikheidmodule ..... 21
2.14 Betrokke burgerskap ..... 22
2.15 Meertaligheid- en taalsteun ..... 22
2.16 Aanlyn veldtog teen boeliery ..... 23
2.17 Studentedissipline ..... 23
2.18 Nuwe alkoholreëls vir koshuise ..... 23
2.19 Internasionale studentemobiliteit ..... 23
2.20 US-alumni skitter by SA Akademie-prysgeleentheid ..... 24
TEMA 3: DOELGERIGTE VENNOOTSKAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE ..... 24
3.1 Die Imbizo 365-skakelingskalender ..... 24
3.2 Transformasieleernetwerk (TLN) ..... 25
3.3 Jaarlikse Frederik Van Zyl Slabbert-gedenklesing ..... 25
3.4 Aanlyn leer-en-onderrigoplossing vir hoërskole ..... 25
3.5 Virtuele Skool ..... 26
3.6 US die gehalteversekeraar van nuwe internasionale skoolverlaterskwalifikasie ..... 26
3.7 Taalsentrumopleiding in Rwanda ..... 26
3.8 Vermoëbou by Walter Sisulu Universiteit ..... 27
3.9 Taalsentrumpersoneel dien in Taalkommissiepaneel ..... 27
3.10 Toegang tot Visuele Kunste ..... 27
3.11 ICGEB sluit ooreenkoms met US ..... 27
TEMA 4: GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER ..... 28
4.1 Opgeknapte Telematiese Dienste-ateljee ..... 28
4.2 Auxin-sessies vir akademiese ontwikkeling ..... 28
4.3 Seminare oor leer- en onderrigverryking ..... 28
4.4 Vierde rondte benoemings vir hibridieseleerfinansiering ..... 29

4.5 Vennootskap met edX ... 29
4.6 Afrika Doktorale Akademie ... 29
4.7 Inisiatief vir Ontluikende Akademici ... 29
4.8 Programvernuwing vir die gegradueerdes van die toekoms ... 30
4.9 Opleiding in eweknieleerfasilitering vir studente ... 30
4.10 Frederik Van Zyl Slabbert Instituut-meesterklasse ... 30
TEMA 5: NAVORSING VIR IMPAK ... 30
5.1 US se kohort A-gegradeerde navorsers brei uit ... 30
5.2 Navorsingsuitsette ... 31
5.3 Jongste navorsingstoekennings ... 31
5.4 Eerbewyse vir US-navorsers ... 32
5.5 Nuwe Sentrum vir Navorsing oor Demokrasie ... 33
5.6 US-navorsers ontvang UNESCO-leerstoel ... 33
TEMA 6: VOORKEURWERKGEWER ... 33
6.1 Personeelbyeenkoms ... 33
6.2 Ontwikkeling van nuwelingakademici ... 33
6.3 Professorale intreelesings ... 33
6.4 Aanstellingskomitee van die Senaat ... 34
SLOT ... 34
MEDEWERKERS ... 35

## INLEIDING

Welkom by die tweede Raadsvergadering van die Universiteit Stellenbosch (US) vir 2022. Hierdie verslag handel oor die tydperk **4 Maart tot 20 Mei 2022**, tensy anders aangedui.

ʼn Hoogtepunt in dié tyd was die inhuldiging van oudregter Edwin Cameron, voormalige regter van die Konstitusionele Hof, as ons **15de Kanselier** op 18 Mei. (Sy inhuldiging is vertraag as gevolg van die koronaviruspandemie wat kort na sy ampsaanvaarding in Januarie 2020 uitgebreek het.)

Lank voordat hy hom in hierdie hoedanigheid by ons aangesluit het, het oudregter Cameron hom nie net as ʼn uitsonderlike Suid-Afrikaanse leier onderskei nie, maar bowenal ook as onwrikbare voorstander vir die beskerming en bevordering van menswaardigheid vir almal, ongeag kleur, ras of geloof. Ons is waarlik geseënd om ʼn Kanselier te hê wat sowel *gravitas* as *dignitas* vergestalt. (Klik hier vir verdere inligting oor sy inhuldiging.)

Ongelukkig is dié viering egter oorskadu deur ʼn afgryslike **voorval by Huis Marais** die voorafgaande naweek, wat ontsettende verleentheid en pyn vir ons universiteit veroorsaak het. Skokkende beeldmateriaal wat oënskynlik wys hoe ʼn besope student op die studiemateriaal van ʼn medestudent urineer, het soos ʼn veldbrand op sosiale media versprei en erge openbare verontwaardiging veroorsaak. Dat die beweerde oortreder wit is en sy slagoffer swart het herinneringe opgeroep van die weersinwekkende praktyke van onderdrukking van ʼn vergange era.

Ons het dadelik opgetree en binne die bepalings van die Dissiplinêre Kode vir Studente van die US gepaste stappe gedoen om die saak ferm te hanteer. ʼn Ondersoek is van stapel gestuur, die beweerde oortreder is geskors, en die slagoffer is bygestaan om seker te maak dat die voorval nie sy akademiese vordering benadeel nie. Die saak is vir ʼn dissiplinêre verhoor verwys, en die geaffekteerde student het kriminele aanklagte ingedien.

Daarbenewens het ek aangekondig dat ons ʼn **onafhanklike kommissie van ondersoek** – onder leiding van oudregter Sisi Khampepe, ʼn afgetrede regter van die Konstitusionele Hof – tot stand sal bring om rassisme en verbandhoudende teistering by die Universiteit te ondersoek (klik hier vir meer inligting). Ons sal ook ʼn blitslyn instel waar studente en personeellede voorvalle van diskriminasie of die skending van regte kan aanmeld. Boonop is ons Eenheid vir Gelykwaardigheid se aanlyn, e-pos- en instap-aanmeldingsmeganismes steeds beskikbaar (*sien 1.8 hieronder*).

Ons het in dieselfde week ook met groot skok verneem van ʼn **beweerde verkragting** by nóg een van ons Stellenbosch-koshuise. Wéér het ons onverwyld opgetree wat betref ondersteuning aan die slagoffer en die aanvoor van ondersoek- en dissiplinêre prosesse. Dít strook met ons streng benadering van zeroverdraagsaamheid ten opsigte van geslagsgebaseerde geweld (*sien ook 1.7 hieronder*). Die geaffekteerde vrouestudent het ʼn saak van verkragting by die Suid-Afrikaanse Polisiediens aangegee, en die beweerde oortreder, ʼn US-student, is in hegtenis geneem. Ons het hom hangende verdere ondersoek uit sy koshuis geskors.

In die lig van die impak van hierdie gebeure op ons studente se geestestoestand en gemoed, het die Rektoraat die **eerstesemestereksamen met ʼn week uitgestel**. Hierdie besluit is nie ligtelik geneem nie. Meer as honderd studenteleiers – waaronder prims, voorsitters van verenigings en die Studenteraad (SR) – sowel as die leiers in ons fakulteite was verenig in hulle versoek vir hierdie uitstel in ons studente se belang. Ons het ook sekere meganismes goedgekeur om studente wat deur die uitstel geraak is by te staan.

Vóór hierdie voorvalle het die eerste semester byna weer soos ʼn normale akademiese jaar gevoel noudat die **meeste klasse weer in kontakvorm** aangebied word, met ons aanlyn platforms as ondersteuning. Die nasionale ramptoestand is op 5 April opgehef, maar sekere oorgangsbepalings is vir 30 dae behou, waaronder beperkings op die getal persone wat in lesingsale en ander lokale toegelaat word. Leer en onderrig het tot dusver vanjaar in hibridiese vorm voortgeduur, maar ons beplan om so gou moontlik na volle kontakaanbieding terug te keer.

’n Opmerklike toename in **Covid**-verwante infeksies in Suid-Afrika in die verslagtydperk was toe te skryf aan die Omicron-variant, wat gewoonlik hoë infeksiesyfers tot gevolg het maar minder ernstige siekte wat tot hospitaalopname of sterfte lei. Die US se Mediese Advieskomitee het intussen aangedui dat die US se personeel en studente klaarblyklik aansienlike immuniteit teen Covid-19 opgebou het, hetsy as gevolg van inenting of natuurlike infeksie.

Die Raad het teen hierdie agtergrond saamgestem met die aanbeveling om die proses vir die ontwikkeling van ’n **inentingsreël** vir die Universiteit eers op te skort, met die voorbehoud dat dit vinnig hervat kan word indien nodig.

Ons **Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (IKBV)** het ook sy aktiwiteite gestaak, wat die werk van sy verskillende werkstrome insluit. Slegs die Mediese Advieskomitee sal voortgaan om die verspreiding en virulensie van die virus te moniteer. Indien omstandighede dit vereis, kan alle IKBV-strukture egter weer vinnig geaktiveer word.

Wat ons kernwerksaamhede betref, doen ek graag verslag dat die US doelgerig voortgaan op sy pad van akademiese en navorsingsuitnemendheid, en veral ons Covid-19-verwante wêreldklasnavorsing en nuwe ontdekkings trek steeds aandag.

So byvoorbeeld het **prof Tulio de Oliveira en sy span** van ons Sentrum vir Epidemiereaksie en -innovasie (CERI) die subvariante **BA.4** en **BA.5** van die groeiende Omicron-familie SARS-CoV-2-koronavirusse ontdek. Dié ontdekking kom nadat die *MIT Technology Review* van die Massachusetts Instituut vir Tegnologie onlangs prof De Oliveira se werk om Covid-19-variante te identifiseer as een van die voorste tien tegnologiese deurbrake van 2022 aangewys het.

Prof De Oliveira is boonop ingesluit by die tydskrif *TIME* se lys van die 100 invloedrykste mense van 2022. Hy deel dié eer met **dr Sikhulile Moyo**, ’n US-alumnus wat in 2016 sy PhD in Geneeskundige Virologie aan ons universiteit verwerf het, en tans as laboratoriumdirekteur van die Botswana Harvard Vigsinstituutvennootskap dien. Dié twee was die leiers van die multidissiplinêre span wat die Omicron-variant van SARS-CoV-2 ontdek het (klik hier vir verdere inligting).

Dit is ook vir my aangenaam om verslag te doen dat ons steeds die heel beste talent lok. Internasionaal aangeskrewe kwantumwetenskaplike **prof Francesco Petruccione**, die voormalige Viserektor: Groot Data en Informatika van die Universiteit van KwaZulu-Natal, het hom in die hoedanigheid van professor in Kwantumberekeninge by ons Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke aangesluit. Hy is terselfdertyd as tussentydse direkteur van die Nasionale Instituut vir Teoretiese en Berekeningswetenskappe (NITheCS) aangestel, en sal as buitengewone professor in ons Departement Fisika dien (klik hier vir meer).

Ek het onlangs teruggekeer van ’n besoek aan die **Verenigde State** en **Europa** saam met kollegas. Daar was **groot belangstelling in die US se navorsing** aan CERI sowel as elders aan ons instelling. GISAID (’n wêreldwye inisiatief vir die uitruiling van alle griepdata) in Los Angeles is gretig om met prof De Oliveira en sy span saam te werk. GISAID beywer hom vir die snelle uitruiling van data oor alle griepvirusse, sowel as die koronavirus wat Covid-19 veroorsaak. Dít sluit in genetiese reeksbepaling en gepaardgaande epidemiologiese data wat met menslike virusse verband hou, sowel as geografiese en spesiespesifieke data oor voëlgriep en ander virusse by diere, om navorsers te help verstaan hoe virusse gedurende epidemies en pandemies ontwikkel en versprei.

Die Globale Gesondheidsinstituut by Northwestern-universiteit in Illinois, Chicago, en die Instituut vir Gevorderde Biomediese Navorsing by George Mason-universiteit is ewe positief oor navorsingsamewerking met die US. En in Brussel was die Gilde van Europese Navorsingsintensiewe Universiteite hoogs ontvanklik vir die idee om transkontinentale samewerking en moontlike vennootskappe op verskillende kernnavorsingsfokusgebiede met die US te fasiliteer. Hierdie netwerke sal in die toekoms ’n groot impak op ons navorsingsprogramme hê.

In ’n verdere ontwikkeling het die US op 20 April ’n ooreenkoms met die **Amerikaanse Militêre Akademie by Westpoint** onderteken om uitruil- en samewerkingsprogramme tot stand te bring wat hoofsaaklik, dog nie uitsluitlik nie, met Krygskunde verband hou.

Ons wêreldklas-akademici bly uitblink. US-navorsers het in die onlangse graderingsrondte van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) ’n rekordgetal **A-graderings** ontvang (*meer hieroor onder 5.1*).

’n Verdere noemenswaardige prestasie is die herbekendstelling van die **Kernmagnetiese Resonansie-**(KMR-)fasiliteit by ons Sentrale Analitiese Fasiliteite (SAF) op 13 April. Die afdeling beskik nou oor twee nuwe, unieke KMR-masjiene ter waarde van bykans R30 miljoen. Die toerusting is sonder gelyke in die Wes-Kaap en die res van die land, en plaas die US aan die voorpunt van chemie- en wetenskapnavorsing. Ek herhaal graag wat ek by die bekendstelling gesê het: Ons belê baie van ons hulpbronne daarin om die beste mense te lok, maar selfs die beste mense kan nie die werk doen as ons nie ook oor die toerusting en infrastruktuur beskik om hulle te ondersteun nie. (Klik hier vir meer.)

Soos gewoonlik ontvang ’n lid van die Rektoraat weer geleentheid om ’n verslag aan die Raad voor te lê. Hierdie keer is ons Viserektor: **Sosiale Impak, Transformasie en Personeel, prof Nico Koopman**, aan die beurt met ’n verslag oor werksaamhede in sy verantwoordelikheidsentrum die afgelope jaar. Hierdie oorhoofse bestuursverslag bevat dus slegs enkele hoogtepunte uit sy portefeulje; raadpleeg gerus sy afsonderlike verslag vir meer besonderhede.

Ek en my medebestuurslede verwelkom die geleentheid om met die Raad in gesprek te tree.

# TEMA 1: ’N FLORERENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

In ons *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* (klik op die skakel vir die volledige dokument) beskryf ons hierdie tema soos volg: “Om die US **’n florerende organisasie** te maak, beoog ons ’n **lewenskragtige, voorspoedige en sistemies volhoubare** universiteit.” Met ‘florerend’ bedoel ons “om sukses te behaal of bestendige vordering te maak; om voorspoedig te wees; om te gedy”.

Ons sê ook die volgende: “Die US erken die groot uitdagings verbonde daaraan om ’n florerende universiteit te word. Ons besef dat ons responsief sowel as proaktief moet wees om die toekoms van die Universiteit te rig. Ons is verbind tot sistemiese volhoubaarheid, wat mense, plek (sosiaal), welvaart (ekonomies) en die omgewing insluit en verantwoordelike korporatiewe oorsigbestuur noodsaaklik maak.”

## 1.1 Institusionele oudit

Die selfevalueringskomitee vir die institusionele oudit het ’n tweede konsep van die US se selfevalueringsverslag opgestel. Die Institusionele Forum en Senaat sal die verslag oorweeg, waarna dit vir goedkeuring voor die Raad sal dien. Die verslag is gegrond op die vier fokusgebiede en 16 standaarde wat die Raad op Hoër Onderwys self voorskryf, en sal gevolg word deur ’n portuurbeoordelingsbesoek aan die US van 31 Oktober tot 4 November 2022.

## 1.2 Stelselvernuwing

### SUNFin

Werk in die verskillende SUNFin-werkstrome duur voort, en daar is tans niks wat die **aktiveringsdatum van Junie 2023** in gevaar stel nie. Die opleidingswerkstroom maak goeie vordering in die gebruik van Oracle Guided Learning om dokumente met US-spesifieke besonderhede by te werk en aan te vul. Die span sal hierdie werk ná toetsing afhandel. SUNFin sal nuwe funksies in die modules vir projekte en toekennings sowel as in verkryging en verskaffing bekend stel.

Bedryfshoof **prof Stan du Plessis**, Finansies-hoofdirekteur **Manie Lombard** en SUNFin-bedryfseienaar **Brendon Grindlay-Whieldon** het in Maart besoek afgelê by Baylor-universiteit (Waco, Texas) en Vanderbilt-universiteit (Nashville, Tennessee) in die Verenigde State om uit húl ervaring van die implementering van Oracle Cloud Financials te leer. Hulle het ook van 13 tot 16 Maart die jaarlikse

Alliance-konferensie van die Higher Education User Group in Seattle bygewoon, en sal hulle insigte met die SUNFin-span bespreek.

### SUNStudent

Voorgraadse **aansoeke vir 2023** het op 3 April 2022 geopen, en nagraadse aansoeke op 11 April. Dít is die tweede aansoek- en toelatingsiklus wat op SUNStudent bestuur word. Die meeste van die items wat vir verbetering uitgewys is, is gekonfigureer, getoets en op die stelsel beskikbaar gestel, en die res sal in die gewone gang van sake volg.

SUNStudent word in fases geaktiveer. Die eerste funksies is in April 2021 in werking gestel en die hele stelsel behoort **teen Augustus 2023 aktief** te wees. Integrasievereistes tussen SUNStudent en ander interne US-stelsels word ook tans gebou vir lewering saam met die funksionele vereistes namate dit vereis word.

**SUNSuccess**, 'n verbandhoudende stelsel wat tans ontwikkel word, is as 'n afsonderlike werkstroom by die SUNStudent-projek ingesluit omdat dit op SUNStudent-inligting staatmaak om tred te hou met studenteprestasie. Sowel SUNStudent as SUNSuccess gebruik Serosoft-sagteware. Die SUNSuccess-werkstroom het sy ontwerp- en bloudrukmylpale bereik.

## 1.3 US in die nuus (17 Feb–4 Mei 2022)

(Alle items in rooi en blou hieronder bevat hiperskakels; klik gerus om toegang te verkry.)

Die US het in die verslagtydperk weer 'n goeie **mediavertoning** gehandhaaf. Ons het in Februarie die vyfde meeste algemene nuusbrokkies van alle Suid-Afrikaanse universiteite opgelewer, die meeste in Maart, en die tweede meeste in April. Dít aldus die datastel van die mediamoniteringsagentskap PEAR.

In die subkategorie **"Navorsing en innovasie**" het ons in Februarie derde geëindig, en eerste in sowel Maart as April. Dekking het hoofsaaklik met "Navorsing vir impak" verband gehou, hoewel "'n Florerende Universiteit Stellenbosch" ook gereeld opgeduik het.

Volgens PEAR se mediamonitering van individue by die US het 203 mediabrokkies in Februarie, 86 in Maart en 113 in April na ons **menslike kapitaal** verwys. Dít word as 'n beduidende bydraer tot mediadekking beskou, veral in die subkategorie "Navorsing en innovasie.

Wat betref die **sentiment** jeens ons instelling in die dekking wat ons ontvang het, was 59% van die nuusitems in Februarie ons **positief** gesind (39% neutraal), 55% in Maart (43% neutraal) en 62% in April (37% neutraal).

Hieronder is van die **institusionele aangeleenthede** wat in die verslagtydperk in die nuus was:

- Passie vir maatskaplike geregtigheid inspireer regsgraduatus (*Cape Argus*, *Die Burger*, *Eikestadnuus*, IOL, News24, EWN)
- PhD-gegradueerde laat haar nie deur breingewasse onderkry nie (*Cape Argus*, *The Star*, *Tygerburger*, SABC3, RSG, kykNET)
- US skakel met gemeenskap oor 'verlore herinneringe' van historiese Hardekraaltjie-begraafplaas (*Die Burger*, *Cape Argus*, *Tygerburger*)
- Aspirant-GR's van US presteer ondanks Covid-beproewings (*Business Day*, IOL)
- Maties-koor beklee weer boonste plek op wêreldranglys (*Die Burger*)

Die Universiteit se **mediaverklarings** bly 'n groot bron van publisiteit vir die instelling. Van die vernaamste verklarings die afgelope paar maande sluit die volgende in:

- Studie toon vroulike regslui in SA word steeds ongelyk behandel (*Pretoria News*, *Volksblad*, News24, IOL, Yiba)
- PhD karteer genoom van kritiek bedreigde Afrika-wildehond (*Pretoria News*, *The Star*, *Beeld*, *Volksblad*, *Die Burger*, Cape Talk, IOL)
- Olifante se reuksin verbaas (*Cape Argus*, *Beeld*, *The Star*, *Volksblad*, *Mail & Guardian*, Cape Talk, RSG)

- Gestremdheidstudies kan diskriminasie teen persone wat hakkel, help beëindig (*Cape Times*, *The Star*, *The Witness*, Cape Talk, 702)
- Afrika se vermoë om by klimaatsverandering aan te pas belemmer deur gebrek aan data en navorsing (*Beeld*, *Die Burger*, *Volksblad*, *Landbouweekblad*)
- Tikverslawing het negatiewe impak op plattelandse maatskaplike werkers (RSG)
- Navorsing oor botsingvoorkoming kan gebruik van hommeltuie 'n hupstoot gee (*Cape Times*, *The Witness*, RSG, ITWeb)
- Navorser ondersoek produsente se planne om binne 'n dekade uit die boerdery te tree (*Cape Argus*, *Die Burger*, *Volksblad*, *Beeld*, Cape Talk, 702, kykNET, IOL)

Ons kenners het die media steeds van waardevolle inhoud en kommentaar oor **Covid-19** voorsien en sodoende die Universiteit se reputasie as 'n innoverende en maatskaplik verantwoordelike instelling verder verstewig. Prof Tulio de Oliveira se navorsing het onder andere weer heelwat media-aandag getrek, terwyl dr Jo Barnes ook wyd oor verskeie koronavirusverwante sake aangehaal is.

Die US se Taalbeleid het die afgelope tyd media-aandag ontvang. Items het die volgende ingesluit:

- Hier is die drie Afrikaanse mans wat Stellenbosch verengels het (*Rapport*)
- US is vír Afrikaans, en ook vir verander (*Rapport*)
- Universiteit Stellenbosch kap skerp terug oor Afrikaans (*Eikestadnuus*)
- Taalgemeenskap, eerder as owerheid, moet Afrikaans dra (*Die Burger*)
- Afrikaans by US 'is 'n non-issue' (*Die Burger* & *Beeld*)
- DAK, US vat hande om bruin kinders te help (*Die Burger*)
- Dr Leslie van Rooi se bedanking uit die Konvokasiebestuur (RSG), wat insluit die reaksie deur adv Jan Heunis, president van die Konvokasie (RSG), en 'n hele aantal briewe (onder meer in *Die Burger*)

**Denkleierskap:** Ons akademiese personeellede gaan voort om US-navorsing vir eksterne gehore toeganklik te maak deur denkleierskapstukke vir The Conversation Africa te skryf. Altesaam 14 van ons bydraers het in die verslagtydperk 17 artikels die lig laat sien, wat meer as 411 000 keer gelees is.

Daarbenewens het personeel en studente van die US weer 'n groot getal **meningsartikels, hoofartikels en rubrieke** geskryf (klik hier vir ons lys). Die Mediakantoor het die media van **kennerslyste** voorsien om kommentaar te lewer oor Internasionale Moedertaaldag, Menseregtedag, Internasionale Vrouedag, Wêreldingenieursdag, Wêrelddag vir Kreatiwiteit en Innovasie, en Vryheidsdag. Ons het ook kennerslyste oor die Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke versprei, sowel as oor verskeie sportverwante temas.

## 1.4 Nuwe handelsmerk

Ons Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking vorder fluks met die stelselmatige inwerkingstelling van ons nuwe handelsmerkidentiteit. Hoofsaak die afgelope maande was om entiteite toe te rus met die nodige gereedskap en template vir kommunikasie en bemarking wat met ons nuwe handelsmerk strook. Die volgende is aangevoor en/of afgehandel:

- Die ontwerp van 'n samehangende handelsmerkargitektuur om meertaligheid te bevorder. Die US Taalsentrum help vertaal tans entiteitname in Engels, Xhosa en Afrikaans. Die Handelsmerkeenheid het met 'n gepaste oplossing vorendag gekom sodat entiteitname in ál drie tale saam met die US-logo kan verskyn.
- Voortgesette skakeling met entiteite deur die hele Universiteit om die implementering van die nuwe handelsmerk te rig, te moniteer en te beoordeel
- Die inwerkingstelling van ons gestandaardiseerde e-poshandtekening het in Mei ná verdere toetsing in samewerking met ons Afdeling Informasietegnologie hervat.
- Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking het met die Matiewinkel saamgewerk om die nuwe visuele identiteit op Maties Sport-kledingstukke (vir gebruik op sowel as weg van die

veld) aan te bring en meganismes vir optimale handelsmerkbelyning en -sigbaarheid in alle sportsoorte te skep.

- Met die oog op die aansienlike blootstelling wat ons uit die TV-uitsending van die Varsitybeker-, Premiersokkerliga- en Verenigde Rugbykampioenskapswedstryde by Danie Craven-stadion sou kry, het ons Handelsmerkeenheid met Fasiliteitsbestuur en Maties Sport saamgewerk om die stadium betyds ’n nuwe handelsmerkbaadjie te gee. (*Sien ook 1.11*.)
- Die Handelsmerkeenheid het nuwe handelsmerkmateriaal vir ons April-gradeplegtighede by die Coetzenburgsentrum ontwerp en aangebring.
- Die US-webtuiste (www.sun.ac.za) is verfris om met ons nuwe handelsmerk te strook.

## 1.5 Kommunikasiebeleid

Strategies uitgevoerde, samehangende en doelgerigte kommunikasie met belanghebbendes is noodsaaklik in die al hoe mededingender hoëronderwysomgewing. As ’n openbare instelling, moet ons nie net ons institusionele kommunikasieverantwoordelikhede nakom nie, maar ook in die kommunikasiebehoeftes van ons diverse interne en eksterne belanghebbendes voorsien.

Vir dié doel, en na aanleiding van Raadsgesprekke in 2020, het die Rektoraat in 2021 ’n verteenwoordigende taakgroep aangestel om ’n omvattende US Kommunikasiebeleid te ontwikkel. Die beleid behoort ’n raamwerk van beginsels en bepalings te voorsien wat **institusionele kommunikasie** oor verskillende US-entiteite heen sal reël, integreer en belyn. Dít sal bereik word deur rolle en verantwoordelikhede te omskryf en bedryfs- en ander vorme van kommunikasie te rig.

Die beleid sal die grondslag lê vir die ontwikkeling van verbandhoudende protokolle, riglyne en bestepraktykgidse vir aktiwiteite soos mediaskakeling en sosialemediagebruik. In die lig van die immer veranderende kommunikasieomgewing sal hierdie benadering die US in staat stel om flink en buigsaam te reageer namate gebeure ontvou.

Die institusionele ‘eienaar’ van die beleid is die Viserektor: Strategie, Globale en Korporatiewe Sake, en die institusionele ‘kurator’ (die funksionaris wat vir beleidsimplementering verantwoordelik sal wees) is die senior direkteur van Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking.

Die taakgroep het ’n eerste konsep opgestel wat in Maart 2022 vir interne oorlegpleging uitgereik is. Ná ’n aanlyn oorlegplegingsproses het die groep met aanbiedings aan kernbelanghebbendes begin. Die tweede konsep is met fakulteitsrade, die Rektoraat, SR en Algemene Bestuurdersvergadering bespreek. Formele voorleggings aan statutêre liggame sal gedoen word voordat die voorgestelde beleid in September voor die Raad dien.

## 1.6 Inligtingsbestuur

Die US het tussen April 2021 en Maart 2022 altesaam **16 versoeke** ingevolge die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting (**PAIA**) ontvang. Inligtingsoorsigbestuur (IOB) hanteer hierdie versoeke met die bystand van Regsdienste, en daar word jaarliks aan die Suid-Afrikaanse Inligtingsreguleerder verslag gedoen. Ons standaardprosedures vir die hantering van dié versoeke word tans herontwerp.

Ons werk terselfdertyd aan ’n raamwerk vir die bestuur van persoonlike inligting ooreenkomstig die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (**POPIA**).

Laastens is ons nuwe **Inligtingbestuursraamwerk**, wat verskeie rolle, verantwoordelikhede en bevoegdhede ten opsigte van inligtingskuratorskap uiteensit, byna gereed. Sodra dit suksesvol geïmplementeer is, sal dié raamwerk die US se reaksie op sowel POPIA as PAIA versterk.

## 1.7 Institusionele moniteringskomitee teen geslagsgebaseerde geweld

Ons moniteringskomitee teen geslagsgebaseerde geweld het hul eerste vergadering gehad om hul rol en verantwoordelikhede in die monitering van, en verslagdoening oor, die US se reaksie op dié sosiale euwel uiteen te sit. Hulle het ook bespreek hoe hulle ons institusionele omgewings kan help reageer

op uitdagings met betrekking tot geslagsgebaseerde geweld. Die komitee sluit bestuurslede en verteenwoordigers van studenteleierskapstrukture in.

## 1.8 Aanlyn platform vir aanmelding van diskriminasie en teistering

Ons studente en personeel kan nou onbillike diskriminasie en teistering vertroulik op ’n nuwe aanlyn platform aanmeld. Ons Eenheid vir Gelykwaardigheid (EvG) staan aan die stuur van die inisiatief.

Die platform skep ’n veilige omgewing om voorvalle aan te meld, ingeligte besluite te neem en toegang tot steundienste te verkry. Terselfdertyd bied dit die Universiteit groter insig in gevalle en tendense sodat ons doeltreffender teen seksuele aanranding, geslagsgebaseerde geweld en viktimisasie kan optree.

Voorvalle kan steeds deur die EvG se instapdiens of by unfair@sun.ac.za aangemeld word. Klaers word nietemin sterk aangemoedig om van die webgebaseerde platform by https://ciims.sun.ac.za/ReportingPage gebruik te maak (slegs toeganklik op kampus of via die US se virtuele privaat netwerk).

## 1.9 Kampusvernuwing

### Biomediese Navorsingsinstituut (BMNI)

*Totale projekbegroting: R1 053 597 266*

Bouwerk aan die nuwe parkeerterreine by die ingang van ons Tygerbergkampus het op 8 Maart 2022 begin, en behoort teen 16 Augustus klaar te wees. Die nuwe vulliskamer vir die sentrale kampus is teen die einde van April voltooi. Alle ander werk aan BMNI-Suid vorder goed en volgens plan.




*Suidelike en oostelike aansig van die BMNI-kompleks*

### Biblioteekopknapping

*Totale geskatte projekbegroting: R23 276 234*

Die opknapping van die US Biblioteek is voltrek. Bestaande fasiliteite en infrastruktuur is vernuwe en verbeter om kliënte gemaklike en doeltreffende werkruimtes te bied en die Biblioteek meer gebruikervriendelik te maak. Die uitleenarea met selfhelpmasjiene om materiaal uit te neem/terug te bring, die studieareas en die studentetoiletgeriewe is voltooi en in gebruik geneem. Boeke en tydskrifte wat in tydelike stoorfasiliteite was, is terug op die rak. En opknappings aan die ingangsarea, die areas vir koerante en ontspanningslees, die druk- en fotokopieerruimtes en die e-inligtingskiosk is klaar.



*Opgeknapte studiearea in die US Biblioteek*

## Koshuise

### Wilgenhof

*Totale goedgekeurde begroting: R14 700 000*

Die projek sluit in opknappings om aan alle wetsvereistes ten opsigte van elektriese installasies te voldoen, nuwe beddens, verbeteringe aan die interieur van die kamers, nuwe vloerafwerkings, die opknapping van badkamers en gemeenskaplike areas, en fasiliteite op die grondverdieping vir studente met mobiliteitsuitdagings.

Alle belanghebbendes is behoorlik geraadpleeg. Ontruiming vind in fases plaas om nege kamers op ’n slag beskikbaar te stel sodat die kontrakteur die werk stuk-stuk kan afhandel. Geen werk het gedurende die toetsweek (21–25 Maart) plaasgevind nie, en daar word ook geen werk vir die duur van die halfjaareksamen (30 Mei tot 24 Junie) beplan nie.

### Sonop

In ’n verslag deur ’n raadgewende elektriese ingenieur is ’n aantal koshuise uitgewys waar opknappings aan die laespanningsinstallasies vereis word om aan wetsvereistes te voldoen en risiko te beperk. Eerste aan die beurt was Sonop, waar werk onlangs voltooi is. Die span wat aan Sonop gewerk het, sal nou aanbeweeg na ander koshuise wat in die ingenieursverslag as prioriteite geïdentifiseer is.

### Hippokrates

Gedurende die installering van ’n hittepomp by Hippokrates-koshuis op ons Tygerbergkampus het dit aan die lig gekom dat die hele dak van die gebou instandhouding verg. Van die werk wat gedoen moes word, was asbesverwydering, nuwe waterdigting, en vervanging van die dakplate.

## Mariendahl-proefplaas

Die Universiteit besit twee proefplase (Welgevallen en Mariendahl), wat hoofsaaklik vir voorgraadse opleiding en vir die navorsingsprojekte van nagraadse studente en akademiese personeel van die Fakulteit AgriWetenskappe gebruik word. Mariendahl (375 ha) grens aan die Elsenburg-navorsingsplaas sowat 14 km buite Stellenbosch en word meestal deur ons Departement Veekunde gebruik omdat AgriWetenskappe se fasiliteite vir pluimvee- en varknavorsing daar geleë is.

Die asbesdak van die varkhokke by Mariendahl het ernstig begin agteruitgaan, en moes vervang word. ’n Projek is goedgekeur en ’n spesialiskontrakteur is aangestel om ’n nuwe plaatmetaaldak te installeer. Dít is een van baie asbesdakke en -materiaal in ons gebouportefeulje, so die werk by Mariendahl bring ons ’n tree nader daaraan om die asbesrisiko vir die US te verlaag.

## STIAS-opknapping

Die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS) is ’n outonome navorsingsorganisasie wat in 1999 kragtens ’n besluit van die US Raad tot stand gebring is. Dit is in 2007 as ’n artikel 21-maatskappy (sonder winsoogmerk) met sy eie direksie geregistreer. Volgens ’n ooreenkoms tussen ons universiteit en STIAS is ons vir die instandhouding van hulle geboue verantwoordelik.

Die Wallenberg-navorsingsentrum by STIAS word dikwels vir nasionale en internasionale geleenthede gebruik. Die konferensiegeriewe het egter ná bykans twee dekades sekere instandhoudingsuitdagings begin oplewer. Om dit te hanteer, is onlangse opknappingswerk gedoen, waaronder waterdigting van die dak, die herstel van krake in die pleisterwerk, die herseëling van voeë en teëls, die versiening van deure, behandeling en herstel van alle houtwerk en die hout-oprit, sowel as nuwe binne- én buiteversiering.

## Sekuriteitsverbeteringe

### Geslotekringtelevisie

Sekuriteit is vir die US ’n voortdurende uitdaging, want in teenstelling met die meeste ander hoëronderwysinstellings, is ons Stellenboschkampus nie omhein nie. Innoverende metodes word

gebruik om hierdie uitdaging die hoof te bied in die lig van beperkte beskikbare hulpbronne om die kampus te patrolleer. Eiendomsdienste in Fasiliteitsbestuur het onlangs in samewerking met Kampussekuriteit en Informasietegnologie ’n nuwe geslotekringtelevisiemeesterplan opgestel. Fase 1 word tans geïmplementeer.

**<u>Alarms</u>**

Eiendomsdienste het in 2021 die eerste fase van ’n alarmmeesterplan voltooi deur nuwe sagteware en toerusting in die Kampussekuriteitgebou in Merrimanlaan te installeer. Daar is terselfdertyd van landlyne na ’n selfoonnetwerk oorgeskakel.

In fase 2 van die plan is die alarmstelsels van geboue soos CGW Schumann, JC Smuts, Russel Botman en Dagbreek vervang. ’n Standaardbedryfsprosedure vir beheerkameroperateurs is ook opgestel.

Die volgende fase, wat tans aan die gang is, behels verdere opknappings aan beheerkamertoerusting, waaronder monitors en bedieners op ons Stellenbosch- en Tygerbergkampus.

### Dinkbank

Ons Stellenboschkampus spog nou met ’n funksionele kunsstuk van 10 ton – ons eie dinkbank. Dié openbare beeldhouwerk van 13 m vier en moedig innovasie en samewerking aan en is ’n permanente installasie op die grasperk voor die Ingenieurswesekompleks in Banhoekweg.





As ’n mens die bank uit die een hoek bekyk, spel dit die woord “THINK”; uit die ander hoek sien jy die lewensgroot silhoeëtte van mense in verskillende denkende houdings (*sien foto’s hierbo*). Dít herinner verbygangers daaraan dat jy ’n probleem soms uit ’n ander hoek moet beskou om met die regte oplossing vorendag te kom.

Die bank is die handewerk van die gevierde kunstenaar Louis Olivier en sy span van die Workhorse-bronsgietery in Johannesburg. **Mnr GT Ferreira**, een van die stigters van die Randaksepbank (RMB) en ’n US-alumnus, het dit aan die Universiteit geskenk. Dit is ’n replika van ’n groter weergawe by die RMB-hoofkantoor in Sandton. Ferreira hoop die bank sal Maties inspireer om “werklik te dink, in plaas daarvan om bloot inligting in die klas te absorbeer en dan slaafs in eksamens te herhaal”.

## 1.10 Omgewingsvolhoubaarheid

### Geboubestuurstelsel

In ons strewe na groter omgewingsvolhoubaarheid knap ons die US se geboubestuurstelsel geleidelik op. (’n Geboubestuurstelsel is ’n rekenaargebaseerde stelsel wat die meganiese en elektriese toerusting in ’n gebou, waaronder dié vir ventilasie, verligting, elektrisiteit, sekuriteit en brandvoorkoming, moniteer.) Dié projek het onlangs die Krotoa- en GG Cillié-geboue sowel as Admin A en die Neelsie bereik. In die eerste opknappingsfase is verouderde beheersagteware met nuwe weergawes vervang. Dít sal die bestuur van die verhitting-, ventilasie- en lugversorgingstelsels in hierdie geboue, wat gewoonlik 50–70% van algehele elektrisiteitsverbruik uitmaak, aansienlik verbeter.

### Water- en elektrisiteitsverbruik

Ons het op 23 Februarie nuwe waterlisensies vir ál ons kampusse van die Departement van Water en Sanitasie ontvang. Boonop dui ons weeklikse nutsdiensverslae op ’n verbetering in water- en elektrisiteitsverbruik in studentegemeenskappe.

### Skakeling en bewusmaking

Eiendomsdienste het die afgelope paar maande verskeie skakelingsinisiatiewe van stapel gestuur om meer mense van omgewingsvolhoubaarheid by die US bewus te maak. Dít sluit die volgende in:



Studente is betrokke by ons **voedseltuinprojek**, waarmee ons voedselsekerheid in studentegemeenskappe wil verbeter (*foto regs*).

Daarbenewens het Fasiliteitsbestuur ’n aantal bewusmakingstoere na ons **materiaalherwinningsfasiliteit** op Welgevallenplaas aangebied. Die fasiliteit maak deel uit van ons poging om uiteindelik géén afval na opvulterreine te stuur nie.

Voortgesette video- en sosialemediaveldtogte word ook gebruik om bewustheid te wek en volhoubaarheid te bevorder.




Wetgewing oor e-afval wat onlangs uitgevaardig is, vereis nou dat instellings e-afval van papier- en ander algemene afval skei. Die US het vir dié doel ’n **geeldromstelsel** bekend gestel (*sien links*).



Om Aardeweek (19–22 April) te vier, kon studente en personeel die **fotovoltaïese sonkragpanele** op die Neelsie se dak van nader bekyk (*sien regs*). Hierdie panele voorsien in ’n derde van die studentesentrum se kragbehoeftes, wat die US se koolstofvoetspoor verklein en sodoende klimaatsverandering bestry.

## 1.11 Maties Sport spring goed weg

Ná ’n uitdagende twee jaar as gevolg van Covid-19-beperkings het Maties Sport in die eerste semester goed weggespring.




Ons **krieketspan** is in die verslagtydperk as Bolandklubkampioene aangewys. Ons tweede **sokkerspan** het op hulle beurt hulle liga gewen, en is bevorder.

Ons senior **rugbyspan** het die eindstryd van die Varsitybekertoernooi gehaal. Ons het dié wedstryd, wat op 25 April by die Danie Craven-stadion gespeel is, net-net teen UP-Tuks verloor (29–23).

Ons **ontspanningsprogramme** gaan ook van krag tot krag. Dít sluit in klusternetbal, vlugbal, aksiefrisbee, vlagrugby (“tag rugby”) en draf. ’n Onlangse fiksheidsoefenkamp was ’n groot sukses.

Groot **byeenkomste** wat Maties Sport in die verslagtydperk aangebied het, sluit in:

- skole-atletiek by die Coetzenburg-atletiekstadion;
- ’n Verenigde Rugbykampioenskapswedstryd (Stormers vs Zebre) by die Danie Craven-stadion, wat wêreldwyd op 16 televisiekanale uitgesaai is (*sien ook 1.4 hierbo*); en


- vyf senior en twee Young Guns-wedstryde tydens die Varsitybekertoernooi, ook by die Danie Craven-stadion.

## TEMA 2: ’N TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING

*Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* sê die volgende oor hierdie tema: “[Ons] wil … toesien dat die US toeganklik is vir kwalifiserende studente uit alle agtergronde, met inbegrip van studente wat hindernisse vir deelname aan universiteitsonderwys ervaar. Ons beskou dit as ’n reis – van ons eerste kontak met voornemende studente totdat hulle afstudeer en die rol van alumni vervul.” Die skep van ’n transformerende studente-ervaring behels ook “die voorsiening van groeigeleenthede aan alle voor- en nagraadse studente, wat insluit leiding, steun en dienste deur die US om studentesukses te verseker”.

### 2.1 April 2022-gradeplegtighede

In ’n bywerking van my aanbieding by die vorige Raadsvergadering, kan ek nou bevestig dat ons van **4 tot 7 April** altesaam **3 143** kwalifikasies by ons 11 gradeplegtighede by Coetzenburgsentrum verleen het. Saam met die **5 636** kwalifikasies wat in **Desember** 2021 toegeken is, bring dít die **totaal** vir die akademiese jaar 2021 op **8 779 te staan**. (*Sien nóg gradeplegtigheidsdata hieronder*.)




Ons gradeplegtighede lewer natuurlik altyd ’n magdom inspirerende verhale op. Kom ek lig die sukses uit van slegs twee van ons **inisiatiewe waarmee ons toegang tot leer selfs verder verbreed**.

Negentien van die graduandi wat in April die verhoog oorgesteek het, het hulle aangesluit by die toenemende groep studente wat dié punt kon bereik danksy ons universiteitsvoorbereidingsprogram, **SciMathUS** (’n akroniem vir “Science and Mathematics at the University of Stellenbosch”). Hierdie studente kom uit ’n benadeelde onderwysomgewing en kon dalk nie aanvanklik universiteitstoelating kry nie, maar is as gevolg van hulle hoë akademiese potensiaal vir SciMathUS gekies. Die program het hulle ’n tweede kans gebied om hul matriekpunte in sleutelvakke soos Wetenskap, Wiskunde en Rekeningkunde te verbeter, en hulle op die koop toe met waardevolle lewensvaardighede vir hul akademiese reis toegerus. Hulle het duidelik die geleentheid met albei hande aangegryp. Meer as 1 800 studente het al deur die jare die SciMathUS-program voltooi – baie van hulle eerstegenerasiestudente wat die hoop en drome van hul families met hulle saamdra.




Boonop het ons die sukses van ons **Verlengde Graadprogram (VGP)**, ’n universiteitswye hoëronderwysrestitusieprogram, gevier. Neem byvoorbeeld die VGP in ons Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe. Sowat 20% van die Fakulteit se eerstejaars word jaarliks vir die VGP ingeskryf, wat beteken hulle voltooi hul eerste jaar oor twee jaar, en ontvang ook aanvullende leermateriaal in ál drie tale van ons instelling. Hierdie pogings werp vrugte af. Sedert 2018 het Lettere en Sosiale Wetenskappe 226 gegradueerdes opgelewer vir wie die VGP ’n voet in die stiebeuel help kry het, waaronder 64 op nagraadse vlak.

## 2.2 Studente-inskrywings

### Voorgraads

Voorgraadse registrasie vir 2022 het op 4 Maart gesluit. Die volgende skyfies uit die finale verslag oor voorgraadse inskrywings bied ’n oorsig van die belangrikste tendense. Die volledige verslag is op die webtuiste van Inligtingsoorsigbestuur te kry.





Actual enrolments versus target and previous year

| FirstTimeEntry | CountEnrolments | CountTargets | %Diff_EnrolmTarget | CountEnrolmPrevYr | %Diff_EnrolmCurrentPrevYr |
|---|---|---|---|---|---|
| First Time Entry Student | 6,032 | 5,490 | 9.9% | 5,321 | 13.4% |
| Other | 15,365 | 15,564 | -1.3% | 15,546 | -1.2% |
| **Total** | **21,397** | **21,054** | **1.6%** | **20,867** | **2.5%** |

Actual Coloured, Black, Indian and Asian enrolments versus target and previous year


| FirstTimeEntry | CountEnrolments | CountTargets | %Diff_EnrolmTarget | CountEnrolmPrevYr | %Diff_EnrolmCurrentPrevYr |
|---|---|---|---|---|---|
| First Time Entry Student | 2,547 | 2,376 | 7.2% | 2,066 | 23.3% |
| Other | 6,390 | 6,369 | 0.3% | 6,462 | -1.1% |
| **Total** | **8,937** | **8,745** | **2.2%** | **8,528** | **4.8%** |

Note than since 2022 International students do not have to disclose their population group on application; this has an influence on the percentage CBIA, as the targets are set against all students and not South African students only.




Enrolments compared to previous year by Faculty and Population group

| Race / Faculty | White CountEnrolments | White CountEnrolmPrevYr | White %Diff_EnrolmCurrentPrevYr | Coloured CountEnrolments | Coloured CountEnrolmPrevYr | Coloured %Diff_EnrolmCurrentPrevYr | Black african CountEnrolments | Black african CountEnrolmPrevYr | Black african %Diff_EnrolmCurrentPrevYr | Indian CountEnrolments | Indian CountEnrolmPrevYr | Indian %Diff_EnrolmCurrentPrevYr |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Agrisciences | 298 | 250 | 19.2% | 18 | 33 | -45.5% | 85 | 68 | 25.0% | 11 | 9 | 22.2% |
| Arts and Social Sciences | 546 | 582 | -6.2% | 435 | 301 | 44.5% | 364 | 166 | 119.3% | 18 | 18 | 0.0% |
| Econ and Management Sciences | 1,033 | 998 | 3.5% | 163 | 156 | 4.5% | 217 | 170 | 27.6% | 35 | 43 | -18.6% |
| Education | 119 | 119 | 0.0% | 97 | 88 | 10.2% | 37 | 16 | 131.3% | | 2 | -100.0% |
| Engineering | 467 | 474 | -1.5% | 87 | 79 | 10.1% | 145 | 115 | 26.1% | 25 | 37 | -32.4% |
| Law | 51 | 70 | -27.1% | 42 | 39 | 7.7% | 27 | 24 | 12.5% | 7 | 2 | 250.0% |
| Medicine and Health Sciences | 144 | 154 | -6.5% | 127 | 121 | 5.0% | 107 | 101 | 5.9% | 51 | 39 | 30.8% |
| Military Science | 6 | 6 | 0.0% | 7 | 6 | 16.7% | 58 | 64 | -9.4% | 3 | 1 | 200.0% |
| Science | 497 | 494 | 0.6% | 84 | 95 | -11.6% | 174 | 150 | 16.0% | 34 | 39 | -12.8% |
| Theology | 8 | 17 | -52.9% | 44 | 40 | 10.0% | 30 | 20 | 50.0% | | | |
| **Total** | **3,169** | **3,164** | **0.2%** | **1,104** | **958** | **15.2%** | **1,244** | **894** | **39.1%** | **184** | **190** | **-3.2%** |





Enrolments by home language group

| HomeLanguageGroup | CountEnrolments | CountEnrolmPrevYr | Diff_EnrolmCurrentPrevYr | %Diff_EnrolmCurrentPrevYr |
|---|---|---|---|---|
| English | 2,933 | 2,651 | 282 | 10.6% |
| Afrikaans | 1,958 | 1,985 | -27 | -1.4% |
| Other SA official languages | 602 | 336 | 266 | 79.2% |
| Xhosa | 407 | 255 | 152 | 59.6% |
| Other | 123 | 94 | 29 | 30.9% |
| Afr/Eng | 5 | | 5 | |
| Unknown | 4 | | 4 | |
| **Total** | **6,032** | **5,321** | **711** | **13.4%** |

### Nagraads

Inligtingsoorsigbestuur het ook op 4 April hul jaarlikse oorsig van nagraadse **inskrywings** vrygestel. Die vernaamste hoogtepunte word hieronder aangebied. Klik hier vir die volledige verslag.




### Inskrywings by die Stellenbosch Bestuurskool


By **die Stellenbosch Bestuurskool (soos die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool, USB, nou heet**) was daar ’n toename in inskrywings vir bepaalde akademiese programme. Dít sluit in die MBA en die nagraadse diplomas in Besigheidsbestuur en -administrasie, Toekomsstudie, Projekbestuur, en Finansiële Beplanning.

## 2.3 Studentewerwing

Toe Covid-19 twee jaar gelede toegeslaan het, het die US sy jaarlikse **Opedag**-werwingsgeleentheid **na die kuberruim verskuif**. Die eerste aanlyn geleentheid in 2021 het drie keer soveel deelnemers bereik as wat die eenmalige kontakgeleenthede vorige jare kon regkry. Op grond van die sukses van die aanlyn aanbod, het ons vanjaar – op Saterdag 9 April – wéér so gemaak.

Ons kon dié jaar ook drie, kleiner **Opedag-geleenthede op kampus** byvoeg, waarvoor ons die fakulteite in verbandhoudende studiegebiede saamgegroepeer het. Hierdie hibridiese benadering was ’n wen-wen-oplossing: Dit het ons die reikwydte en gerief van ’n aanlyn aanbod sowel as die intimiteit en fokus van kontakskakeling gebied.

Die US is een van net ’n paar universiteite in Suid-Afrika met ’n toegewyde Opedagwebtuiste (*skermskoot langsaan*). Die webtuiste bevat ’n magdom inligting in die vorm van video’s, brosjures en antwoorde op gereelde vrae om graad 12’s ingeligte besluite oor verdere studie ná skool te help neem. Hoewel dit steeds “Ope*dag*” genoem word, beteken die voorafsaamgestelde inhoud dat voornemende studente dit nog vir die duur van die aansoektydperk (**tot 31 Julie 2022**) kan raadpleeg.




’n Reklameveldtog vir ons aanlyn Opedag 2022 en daaropvolgende drie geleenthede op kampus (Wetenskap, Tegnologie, Ingenieurswese en Wiskunde op 23 April, Sosiale Wetenskappe op 7 Mei, en Besigheid en Regsgeleerdheid op 14 Mei) is in die middel van Maart op die US se sosialemediakanale van stapel gestuur. Dit het gebruik gemaak van die hutsmerk **#wiejyword**, #umntu_onokuba_nguye en #whoyoubecome uit ons **advertensie** wat verlede jaar in Engels, Afrikaans en Xhosa vir Woordfees TV vervaardig is.


Die sukses van enige opedag op kampus maak staat op goeie skakeling tussen US-personeel/-studente en voornemende studente/ouers. Omdat vanjaar se kontakgeleenthede betreklik klein was, was die skakeling van ’n hoë gehalte. Te oordeel na die terugvoer, het gaste vir die kontakgeleenthede voorberei deur vooraf die Opedagwebtuiste te besoek. Altesaam 3 500 individue het 14 000 kaartjies vir die verskillende sessies op die drie dae bespreek. (Hoogstens twee kaartjies per gesin is toegelaat, en dié is meestal deur ’n voornemende student en een ouer gebruik.)

Afgesien van opedae, onderneem ons Sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies ook die hele jaar deur **skakelsessies met skole**. Die Sentrum het in die verslagtydperk nagenoeg **15 000 leerders** van byna 150 skole in ses van ons land se provinsies bereik. Aktiwiteite het ekspo’s, kitsbemarking, onderwyservergaderings, oueraande en kontakskoolbesoeke ingesluit.

## 2.4 Voorgraadse aansoeke vir 2023


Voorgraadse aansoeke om volgende jaar aan die US te studeer het op 4 April 2022 op SUNStudent geopen. Teen die einde van April is 24 741 aansoeke reeds op die stelsel aangevoor:

| Aansoekstatus | Getal aansoekers |
|---|---|
| **Gekanselleer** | **2** |
| **Ingedien** | **16 929** |
| Ingedien (nog nie nagegaan nie) | 16 187 |
| Ingedien (onvolledig)* | 742 |
| **Nagegaan** | **7 242** |
| **Onsuksesvol** | **568** |
| **Totaal** | **24 741** |




** “Ingedien (onvolledig)” verwys na aansoeke wat deels nagegaan is, maar wat uitstaande, verkeerde of onleesbare dokumente behels.*

Die syfer vir die ooreenstemmende tydperk verlede jaar (met die oog op inname 2022) was 13 942, wat beteken dat aansoeke met 77% toegeneem het. Die ***figuur hieronder*** toon die verdeling van die aansoekers vir 2023 volgens bevolkingsgroep. (Internasionale aansoekers hoef nie hulle bevolkingsgroep te identifiseer nie, en word dus afsonderlik aangedui.)




Soos die ***tabel hieronder*** toon, is die belangrikste tendense uit 'n vergelyking van aansoeke in April 2022 (vir inname 2023) en April 2021 (vir inname 2022) dat die getal swart Afrikaan-aansoekers verdubbel het ('n toename van 106%), terwyl wit aansoekers die kleinste toename getoon het (41%).

| Nasionaliteit en bevolkingsgroep | 30 April 2021 (inname 2022) | 30 April 2022 (inname 2023) | Persentasie toename |
|---|---|---|---|
| **Internasionaal** | **704** | **1 020** | **45%** |
| **Suid-Afrikaans** | **13 238** | **23 721** | **79%** |
| Asiër | 29 | 51 | 76% |
| Swart Afrikaan | 7 007 | 14 404 | 106% |
| Bruin | 1 603 | 2 639 | 65% |
| Indiër | 600 | 1 126 | 88% |
| Wit | 3 644 | 5 152 | 41% |
| Weerhou (verkies om nie te sê nie) | 185 | 316 | 71% |
| Onbekend | 170 | 33 | -81% |
| **Totaal** | **13 942** | **24 741** | **77%** |

Vir die volledige verslag oor voorgraadse aansoeke, raadpleeg die webtuiste van Inligtingsoorsigbestuur.

## 2.5 Werwingsbeurse

Werwingsbeurse by die US ondersteun ons **strategiese doelwitte**, waaronder **groter diversiteit** onder ons studente. Hierdie beurse word volgens fakulteit op grond van akademiese meriete toegestaan, en is beskikbaar vir studente uit die bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiërgroepe. Die toekenning van werwingsbeurse aan fakulteite is eweredig aan hulle onderskeie mikpunte vir nuwelingeerstejaarinskrywings. Die totale getal beurse wat toegeken kan word, hang af van die beskikbare geld. Vir inname 2022 is **130 beurse** beskikbaar gestel.

## 2.6 Ikusasa-finansiëlehulpprogram vir studente (ISFAP)

Die regering het ISFAP tot stand gebring om arm studente en diegene uit die ontbrekende middel op uitgesoekte vakgebiede finansieel by te staan, mits die kandidaat aan voorgeskrewe vereistes voldoen.

Die program is in 2018 na ons universiteit uitgebrei, en het in Desember 2021 en April 2022 sy tweede kohort US-gegradueerdes opgelewer toe 24 studente hulle BIng- en BRek-grade verwerf het. Dít bring **ons totale getal ISFAP-gegradueerdes** op **35** te staan.

Twaalf nuwe studente het vanjaar vir die program in aanmerking gekom, en dus het ons tans 81 geregistreerde ISFAP-studente. Ons hele ISFAP-groep het op 12 Maart die geleentheid ontvang om vir die eerste keer in twee jaar van aangesig tot aangesig te ontmoet.



*Nuwe ISFAP-eerstejaars*
*FOTO: ANDRÉ ENGELBRECHT*

'n Groep van 42 senior ISFAP-studente het boonop 'n aanlyn program voltooi wat ons Frederik Van Zyl Slabbert (FVZS) Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling spesiaal vir ISFAP

saamgestel het. Die doel van die program, wat ook as 'n kortkursus geakkrediteer is, is om deelnemers vir die wêreld van werk toe te rus, met 'n bepaalde klem op die ontwikkeling van die kenmerke van die gegradueerde.

Twee werksessies is ook vanjaar in die eerste kwartaal aangebied om ons ISFAP-mentor-tutors toe te rus om hul 'leerlinge' te ondersteun. Hierdie tipe steun is 'n onmisbare element van die aanvullende bystand wat ISFAP-studente by die US ontvang.

## 2.7 CEFF-Kanseliersbeursprogram by die US

Die US het op 6 April 2022 'n nuwe vlagskipbeursprogram ter waarde van R9 miljoen van stapel gestuur wat deur die Carl & Emily Fuchs-stigting (CEFF) geborg word. Die eerste kohort van 30 beursbegunstigdes is ook bekend gestel.




*Die eerste kohort begunstigdes van die CEFF-Kanseliersbeursprogram, hier afgeneem saam met amptenare van die US en CEFF. FOTO: ANDRÉ ENGELBRECHT*

Die beurs is afgestem op studente uit die 'ontbrekende middel', wat elk bystand vir tot drie jaar sal ontvang, mits hulle aan die akademiese vorderingsvereistes voldoen. Benewens finansiële bystand, sluit die program ook aanvullende steun in, waaronder 'n aantal akademiese en psigososiale inisiatiewe om 'n verskeidenheid kenmerke, bevoegdhede en vaardighede van die gegradueerde by studente in te skerp. Dít word in samehang met bestaande US-programme aangebied.

## 2.8 Koshuisplasings

Die **diversiteit** van ons studentekorps in US-koshuise het die afgelope ses jaar heelwat verander (*sien grafiek hieronder*). Eerstejaars uit die swart Afrikaan-groep het van sowat 18% tot 30% toegeneem.




Jaarlikse mikpunte vir koshuisplasing word in vyf kategorieë vasgestel, en is die afgelope twee jaar grotendeels bereik, soos die tabel hieronder toon. Die toename in eerstegenerasiestudente hang saam met 'n toename in studente uit sosio-ekonomies benadeelde omstandighede wat in koshuise

geplaas word. Die afname in internasionale voorgraadse plasings strook op sy beurt met ’n afname in internasionale inskrywings.

| Kriteria | Mikpunt 2021 en 2022 | Plasings 2021 | Plasings 2022 |
|---|---|---|---|
| Akademiese prestasie (80%+) | 50% | 61,0% | 52,4% |
| Bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiërstudente (slegs SA) | 50% | 47,8% | 50,7% |
| Eerstegenerasie | 40% | 43,5% | 48,5% |
| Internasionale studente | 5% | 6,7% | 3,6% |
| Finansiële behoefte (NSFAS) | 30% | 27% | 27% |

Wat betref die koshuisplasing van diegene wat deur ons Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente (NSFAS) bygestaan word, het byna die helfte teen die einde van Maart 2022 koshuisplek ontvang.

| | In US-koshuise | In Privaat-studente-organisasies | Totaal | % in US-koshuise |
|---|---|---|---|---|
| NSFAS-eerstejaars by die US | 738 | 821 | 1 559 | 47% |
| Ander voorgraadse NSFAS-studente by die US | 1 452 | 1 729 | 3 181 | 46% |
| **Totaal** | **2 190** | **2 550** | **4 740** | **46%** |

## 2.9 Werkgroep oor privaat studentehuisvesting

Die Studentegemeenskappe-advieskomitee het ’n werkgroep geskep om die beskikbaarheid van studentehuisvesting op Stellenbosch en die impak daarvan op ons studente te ondersoek. Die werkgroep versamel tans inligting oor bestaande huisvesting sowel as projekte wat beplan of gebou word, en oor hoe dít by die US-stelsel geïntegreer kan word om ingeligte besluite te neem.

## 2.10 Rektorsontbyt met studente

Die eerste Rektorsontbyt met studente het op 29 Maart 2022 by Die Stal, Coetzenburg, plaasgevind. Studente is vroeër gevra om kandidate vir dié geleentheid te benoem. Uit die 138 benoemings is 20 studente deur ’n komitee gekies. Nadat ek ’n aanbieding gedoen het, kon studente vrae vra, waarna ons oor ontbyt gesels het.



Dít het my ’n waardevolle geleentheid gebied om **na studente te luister** en hul menings oor kernkwessies te bekom. Al skakel die Rektoraat gereeld met die SR en ander studenteleiers, is geleenthede soos dié een, waar die bestuur na die **algemene studentegemeenskap** uitreik, noodsaaklik.

Studente het openhartig gepraat oor verskillende sake, en vrae gevra oor enigiets van loopbaanadvies en psigososiale welstand tot ongelykheid op kampus, en ons strewe na sosiale geregtigheid.

Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking het met die Afdeling Studentesake en my kantoor saamgewerk om die geleentheid te reël. Volgende aan die beurt is ’n soortgelyke geleentheid met personeellede.

## 2.11 Transformasieberaad en -handves

Die Afdeling Studentesake het op 11 Maart hul Transformasieberaad by STIAS aangebied. Die beraad, wat nou al ’n jaarlikse instelling is, het personeellede, studenteleiers en bestuurslede, waaronder die Viserektor: Leer en Onderrig, **prof Deresh Ramjugernath**, byeengebring om oor ons transformasiereis die afgelope drie jaar na te dink. Terselfdertyd is Studentesake se Transformasiehandves bekend gestel.




Die handves is in die drie tale van ons universiteit (Engels, Xhosa en Afrikaans) voorgelees en ook in Suid-Afrikaanse Gebaretaal oorgedra (*sien foto langsaan*).

## 2.12 Siyakhula ResEd-program

Die Siyakhula ResEd-program, ’n inisiatief wat die Transformasiekantoor in vennootskap met Studentesake aanbied, sluit die Forum vir Kritiese Gesprek (CEF) in. Die CEF se ervaringsleeraktiwiteite strook met die Transformasiekantoor se Imbizo 365-skakelingskalender.

Die CEF het vir **Menseregtedag** die Slawelosie in Kaapstad besoek. Onderwerpe wat behandel is, sluit in slawerny, kolonialisme, apartheid, en ’n begrip van menseregte teen die agtergrond van ’n verlede vol onreg.

Die program vir **Vryheidsdag** het bestaan uit ’n besoek aan die korrektiewe sentrum Drakenstein (voorheen Victor Verster-gevangenis) tussen die Paarl en Franschhoek, waar wyle president Nelson Mandela die laaste gedeelte van sy 27 jaar lange vonnis uitgedien het.

## 2.13 Medemenslikheidmodule

Medemenslikheid is ’n interdissiplinêre module wat deur ons Ko-kurrikulumkantoor gefasiliteer word. Die oorhoofse temas is sosiale geregtigheid, ontwerpdenke en sosiale entrepreneurskap. Onder leiding van bekende deskundiges in verskillende akademiese dissiplines besin studente krities oor hulle standpunte oor ’n aantal onderwerpe. Vanjaar se program is soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| Antropologie | **Prof Tshepo Madlingozi** | Wie is ons werklik? |
| Wetenskap en Tegnologie | **Dr Mpho Tshivhase** | Waar pas die mens in by kunsmatige intelligensie? |
| Ekonomie | **Prof JP Landman** | Hoe lyk die toekoms van die Suid-Afrikaanse ekonomie? |
| Geneeskunde | **Prof Salim Abdool Karim** | Het die koronavirus en sy mutasies gekom om te bly? |
| Visuele Kunste | **Prof Elmarie Costandius** | Hoe vind ek my ruimte en plek in ’n veranderende wêreld? |
| Regsgeleerdheid | **Prof Thuli Madonsela** | Kan die reg maatskaplike geregtigheid verseker? |

| | | |
|---|---|---|
| Sosiologie | **Dr Imtiaz Sooliman en prof Jonathan Jansen** | In watter mate kan die burgerlike samelewing die leemte vul wat ’n disfunksionele staat laat? |

## 2.14 Betrokke burgerskap


Bevorder Betrokke Burgerskap, ’n kortkursus wat **Matie Gemeenskapsdiens (MGD)** fasiliteer, is by ons kurrikulêre aanbod vir Maatskaplike Werk-studente ingesluit. Altesaam **208 eerstejaars** het vanjaar vir dié kursus van sewe modules ingeskryf.

’n Verbandhoudende MGD-kursus in die tweede kwartaal is Aktiveer Betrokke Burgerskap, ’n ervaringsleergeleentheid vir **40 US-huiskomiteelede** gemoeid met die portefeulje Sosiale Impak.

Boonop het MGD in April, óók as deel van sy burgerskapswerk, **12 leiers** verbonde aan die Stellenbosse erfenisprogram **e’Bosch** opgelei.

Vir vanjaar se aflewering van die MGD-kortkursus Vrywilligerpraktyk is **64 Maatskaplike Werk-tweedejaars** by Pebbles, ’n jare lange vennoot in die nie-regeringsektor, geplaas. Daarmee keer MGD amptelik terug na kontakgemeenskapskakeling nadat hulle in sowel 2020 as 2021 weens Covid-19 ten volle aanlyn moes funksioneer.

## 2.15 Meertaligheid- en taalsteun




### Vir huidige studente

Die Taalsentrum het die SR se leierskap- en ontwikkelingsekspo benut om met ons studente te skakel, meertaligheid te bevorder, en bewustheid van die beskikbare taalsteungeleenthede te skep. Die ekspo het op 22 Maart op die Rooiplein op Stellenboschkampus en op 12 April by die Tygerbergstudentesentrum plaasgevind. Studente het veral belang gestel in inligting oor akademiesevaardigheidskursusse, kursusse in Suid-Afrikaanse Gebaretaal en Xhosa, tandemleer, en bystand om hulle gesproke Engels te verbeter.

### Vir voornemende studente

Die Taalsentrum het ’n meertalige aanbod in Afrikaans, Engels en Xhosa vir die aanlyn US Opedag van 9 April voorsien om voornemende studente se belangstelling in meertaligheid te prikkel en hulle te wys watter taalsteun hulle as ingeskrewe Maties sal geniet. Die Taalsentrum se virtuele stalletjie op die Opedagwebtuiste sal nog tot die einde van Julie oop wees. Video’s vir gebruik in die virtuele stalletjie en op LinkedIn is in Afrikaans, Engels en Xhosa vervaardig.

### Vir studenteleiers

Ter ondersteuning van die hersiene US Taalbeleid (2021), wat op 1 Januarie 2022 in werking getree het, het ons Viserektor: Leer en Onderrig, **prof Deresh Ramjugernath,** en senior direkteur van Leer- en Onderrigverryking, **dr Antoinette van der Merwe,** met studenteleiers in gesprek getree oor die implikasies van die hersiene beleid vir hulle omgewings. Die beleid bepaal: “Alle amptelike interne institusionele kommunikasie sal in Afrikaans, Engels en isiXhosa wees.” Die woordelys omskryf “amptelike interne institusionele kommunikasie” dan as “alle kommunikasie van die Kanselier, Raad, Senaat, die Rektor, ’n Viserektor, die Bedryfshoof of die Registrateur aan die hele Universiteit”, wat studenteleiers inderwaarheid uitsluit. Nietemin is daar in die gees van meertaligheid besluit dat

studenteleiers óók voortaan ál drie ons institusionele tale sal gebruik wanneer hulle met hulle gemeenskappe kommunikeer. Engels sal egter vir dringende aangeleenthede gebruik word, met kommunikasie in Afrikaans en Xhosa so gou moontlik daarna.


In pas met die bepaling dat die "voertaal of -tale by interne vergaderings … daarop gerig [moet] wees om te verseker dat almal ingesluit word en kan deelneem", het Studenteregering studenteleiers aangemoedig om hierdie praktyk in hulle portuurleersessies te beoefen.

## 2.16 Aanlyn veldtog teen boeliery

Ons Eenheid vir Gelykwaardigheid het met Studentesake op Tygerbergkampus saamgewerk om op 25 April 'n aanlyn veldtog teen boeliery van stapel te stuur. Die veldtog, wat op alle US-studente afgestem is, sluit popkultuurgeïnspireerde antwoorde op gereelde vrae oor boeliery in, sowel as 'n kort video oor hoe voorvalle van boeliery aangemeld kan word.

## 2.17 Studentedissipline

Die instelling van die alkoholverbod in koshuise in 2020 en die implementering van Covid-19-regulasies het 'n toename in wangedragsake onder studente tot gevolg gehad, wat in baie gevalle uit koshuispartytjies voortgespruit het. Aanlyn leer en onderrig het ook tot 'n toename in dissiplinêre sake bygedra, en veral samespanning gedurende assesserings het tot aansienlik meer akademiese wangedragsake gelei. Dít het die personeel van Studentedissipline onder erge druk geplaas.




Hoewel aanlyn platforms baie help om sake afgehandel te kry, hou beurtkrag 'n voortdurende uitdaging in omdat betrokkenes op verskillende plekke op verskillende tye kragonderbrekings ervaar. Verhore moes al dikwels uitgestel word om prosedurele billikheid te verseker.

Die *sirkeldiagram langsaan* bevat 'n uiteensetting van die **15 klagtes** van wangedrag wat in die eerste vier maande van 2022 na Studentedissipline verwys is. Altesaam 26 studente was by hierdie voorvalle betrokke.

## 2.18 Nuwe alkoholreëls vir koshuise

Nuwe reëls oor alkoholverbruik in ons studentekoshuise is in Februarie 2022 goedgekeur. Hierdie reëls laat elke studentegemeenskap toe om hulle **eie huisreëls** oor die gebruik van alkohol te bepaal. Die huisreëls verval elke jaar, wat impliseer dat die gesprek oor verantwoordelike alkoholverbruik gereeld móét plaasvind. Ons Sentrum vir Studentegemeenskappe moet die huisreëls goedkeur voordat dit in 'n koshuis in werking tree. Sonder goedgekeurde huisreëls is die verstekreël van geen alkohol van toepassing.

## 2.19 Internasionale studentemobiliteit

Die reisverbod as gevolg van Covid het ons studente se **uitwaartse** semestermobiliteit ernstig gekortwiek, veral in 2020. Mobiliteit het egter in 2021 goed herstel en tot soortgelyke vlakke as vóór die pandemie teruggekeer (*sien tabel hieronder*). Ook **inwaartse** semestermobiliteit is in 2020 geknou. Hoewel 'n normale inname in die eerste semester moontlik was, het die meeste inwaartse semesterstudente teruggekeer huis toe nadat die aanvanklike streng inperking ingestel is. Inwaartse semesterstudente het aansienlik toegeneem in 2021 (*sien hieronder*), deels weens die strategiese vennootskap tussen die US en die Franse bestuurskool SKEMA.

| Mobiliteitsrigting | 2018 | 2019 | 2020 | 2021 |
|---|---|---|---|---|
| Uitwaartse semesterstudente | 100 | 114 | 49 | 110 |
| Inwaartse semesterstudente | 552 | 499 | 246 | 661 |

US Internasionaal het vir die eerste semester vanjaar meer as 420 internasionale niegraadstudente op kampus verwelkom – die meeste vir enige semester tot nog toe.

### 2.20 US-alumni skitter by SA Akademie-prysgeleentheid

Ons studente hou beslis nie op uitblink die dag wanneer hulle gradueer nie. Sewe van die 15 pryse wat die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vanjaar toegeken het (afgesien van dié aan skoolleerders), het aan US-alumni gegaan:

- **SJ Naudé**, wat van 2010 tot 2012 ’n magistergraad in Kreatiewe Skryfwerk aan die US voltooi het, het die Hertzogprys vir sy kortverhaalbundel *Dol heuning* gewen.
- **Ashwin Arendse**, ’n Drama-student van 2016 tot 2018, is met die Eugène Marais-prys vir poësie vereer vir sy bundel *Swatland.*
- **Frederik de Jager**, eers ’n Teologie- en toe Filosofie-student aan die US (1978–1983), het die Eugène Marais-prys vir prosa vir sy kortverhaalbundel *Man op ’n fiets êrens heen* ontvang.
- **Prof André Coetzee**, ’n emeritus professor en voormalige voorsitter van ons Departement Anestesiologie en Kritieke Sorg by Tygerberg, het die erepenning van die SA Akademie se Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnologie ontvang. Prof Coetzee het van 1974 tot 1994 verskeie kwalifikasies aan die US verwerf.
- **Hendrik du Toit**, wat tussen 1982 en 1988 die grade BCom Regte, BCom (Hons) en MCom aan die US verwerf het, is vereer met die Christo Wiese-medalje vir bedryfsleierskap, wat net elke drie jaar toegeken word. Du Toit is die stigter en uitvoerende hoof van die maatskappy Ninety One.
- **Carel van der Merwe**, wat in 1986 ’n BRek- en in 2018 ’n doktorsgraad in Geskiedenis aan die US voltooi het, het die Protea Boekhuis-prys vir *Kansvatter: Die rustelose lewe van Ben Viljoen* ontvang.
- **Amoré Malan**, een van ons April 2022-graduati, het die Junior Kaptein Scott-gedenkmedalje vir die beste MSc-verhandeling in dierkunde in Suid-Afrika ontvang. Haar tesis het oor die Kaapse pelsrob gehandel.

Ons is baie trots op elkeen van hulle.

## TEMA 3: DOELGERIGTE VENNOOTSKAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE

Hierdie tema word soos volg in *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* beskryf: “As deel van ons missie, het ons by die US ons bereid verklaar om die wêreld rondom ons deur samewerking te beïnvloed en te verander, en self ook verandering te omarm en daarop te reageer. Die kern van ons missie is dat wat in die wêreld gebeur ons navorsing, ons onderrig en leer sowel as ons skakeling rig, en dat wat by ons universiteit gebeur vir die wêreld van belang is. As ’n universiteit, is ons verbind tot Suid-Afrika en Afrika. Terselfdertyd is ons terdeë bewus van ons rol in en verbondenheid aan die internasionale arena. Om te inspireer én geïnspireer te word, sal die US **skakel en saamwerk met belanghebbendes, die gemeenskappe wat ons bedien, die bedryf, die regering en ons universiteitsvennote in plaaslike, streeks-, vastelands- en wêreldverband**. Ons benadering tot samewerking en skakeling strook met ons waardes, met spesifieke verwysing na respek, deernis en billikheid.”

### 3.1 Die Imbizo 365-skakelingskalender

Ons Transformasiekantoor en Fakulteit Regsgeleerdheid was op 24 Maart medegashere van die 16de jaarlikse **Menseregtedaglesing**. Die lesing oor transformerende sosiale verandering en die rol van

die regter in Suid-Afrika ná apartheid is gelewer deur **regter-president Dunstan Mlambo** van die Gautengse hooggeregshof. Klik hier vir verdere inligting.

Die Transformasiekantoor het ook ’n veldtog aangebied ter nagedagtenis van diegene wat in die **Sharpeville**-slagting op 21 Maart 1960 gesterf het. Die veldtog is met behulp van kampusplakkate en sosialemediaplasings gevoer.

Vir **Vryheidsdag** het die Transformasiekantoor met ons Departement Politieke Wetenskap saamgewerk om die lesing “Bou ’n deelnemende demokratiese kultuur in Suid-Afrika: Die opgang van die plofbare kieser of onbelangstellende burger?” aan te bied, met senior dosent **dr Collette Schulz-Herzenberg** as spreker.

Laastens is **Werkersdag** gedenk met ’n lesing wat onder meer op die hoë werkloosheidsvlakke in Suid-Afrika gekonsentreer het. Ook dié geleentheid was ’n samewerkingsprojek van die Transformasiekantoor, hierdie keer saam met Sosiologie en Sosiale Antropologie.

## 3.2 Transformasieleernetwerk (TLN)

Die Transformasieleernetwerk (TLN) is ’n nuwe reeks aanlyn gespreksgeleenthede vir US-personeel wat op die een of ander manier by transformasiewerk betrokke is. Dit bied ’n ruimte vir personeellede om hulle begrip van belangrike transformasiekwessies te verdiep en persoonlik te groei.

Die volgende TLN-sessies het in die verslagtydperk plaasgevind:

- **Prof Christi van der Westhuizen** van Nelson Mandela Universiteit het ’n gesprek gelei oor die nuwe *Routledge Handbook of Critical Studies in Whiteness*, waarvan sy medesamesteller was.
- **Dr Lwando Scott** van die Universiteit van Wes-Kaapland het gesels oor “Paradoxes of racism: Whiteness in *Gay Pages* magazine”, sy hoofstuk in bogenoemde Routledge-publikasie.
- **Prof Zsa-Zsa Boggenpoel** van ons Fakulteit Regsgeleerdheid het ’n sessie aangebied oor die eerste hoofstuk van die toekomstige publikasie *Law, justice and transformation: Looking back to move forward*, wat sy help saamstel het.


## 3.3 Jaarlikse Frederik Van Zyl Slabbert-gedenklesing

Die jaarlikse lesing om die nalatenskap van wyle dr Frederik Van Zyl Slabbert, ’n voormalige Kanselier van die US, te eer het op 11 April plaasgevind. Oor die 300 deelnemers van meer as tien lande het aanlyn ingeskakel.

Gasspreker **adv Shamila Batohi**, direkteur van die Nasionale Vervolgingsgesag, het oor die belang van verantwoordbare leierskap en burgerskap gesels. Haar gespreksgenote was **prof William Gumede** van die Skool vir Regeerkunde by Wits en **me Cynthia Stimpel**, voormalige groeptesourier van die Suid-Afrikaanse Lugdiens en skrywer van *Hijackers on Board*.

Die geleentheid is gereël deur Studentesake se Sentrum vir Studenteleierskap, Ervaringgerigte Opvoeding en Burgerskap, waar die FVZS Instituut vir Studenteleierskap geleë is. Die Konrad Adenauer-stigting het finansiële bystand gebied.

## 3.4 Aanlyn leer-en-onderrigoplossing vir hoërskole




In die lig van die uitdagings waarmee ons land se onderwysstelsel te kampe het, sowel as die impak van Covid-19 op baie gesinne, het ons op 17 Maart ’n verbeeldingryke aanlyn leer-en-onderrigoplossing vir hoërskole landwyd bekend gestel.

Die platform, wat as SU Advantage bekend is, kan op enige slimtoestel gebruik word, en ondersteun leerders en onderwysers in

graad 10, 11 en 12. Dit kombineer doeltreffende leerinhoud met regstreekse, interaktiewe opvoedkundige steun, en konsentreer veral op kernonderwerpe wat leerders moet snap om belangrike skoollesse beter te verstaan.

Die inisiatief is die geesteskind van **dr Benedict Khoboli**, direkteur van die US se Sentrum vir Pedagogie (SUNSEP) in ons Fakulteit Opvoedkunde. Vir hom is SU Advantage nie soseer ’n aanlyn skool nie, maar ’n aanvullende opvoedkundige instrument ter versterking van die lesse waaraan leerders in die klas blootgestel word.

Die oorhoofse doel is om die pypleiding na tersiêre onderwys vir Suid-Afrikaanse jongmense wyer te maak. SU Advantage bied hoërskoolleerders grondliggende bystand in die senior fases van hulle onderwysreis, en help verbeter sodoende hulle kans om tot hoëronderwysinstellings, waaronder ons universiteit, toegelaat te word.

## 3.5 Virtuele Skool



Ons Telematiese Skoleprojek (TSP) gaan van krag tot krag met die bekendstelling van die TSP Virtuele Skool. Die skool begelei leerders week ná week deur die kurrikulum met lesplanne wat op moeilike begrippe konsentreer.

Leerders ontvang gratis hulpbronne, waaronder videolesse, werkboeke, eksamenbystand en hersieningsprogramme, alles op ’n datagratis webtuiste.

Broadband Infraco het in April ’n borgskap voorsien sodat ons die TSP Virtuele Skool na die Kommersiële en Tegniese Senior Sekondêre Skool Mhlanganisweni in die Oos-Kaap sowel as Hoërskool Ohlange in KwaZulu-Natal kon uitbrei. Die projek beplan om breëband vir onderwys van gehalte in landelike gebiede te gebruik.

## 3.6 US die gehalteversekeraar van nuwe internasionale skoolverlaterskwalifikasie

Ons is die trotse gehalteversekeraar van die Onafhanklike Eksamineringsraad (IEB) se Internasionale Sekondêre Sertifikaat (ISS). Dié nuwe skoolverlaterskwalifikasie is ’n **bekostigbare, Afrikagerigte alternatief** wat deur die internasionale afdeling van die IEB ontwikkel is en aangebied word.

UK Ecctis (voorheen UK NARIC), wat die Verenigde Koninkryk in alle internasionale kwalifikasiesake verteenwoordig, reken die ISS is gelykstaande aan die Verenigde Koninkryk se “A-Levels”. En Universiteite Suid-Afrika (USAf) het bevestig dat internasionale kandidate wat die kwalifikasie met lof of op ’n gevorderde vlak verwerf, en plek kry by ’n Suid-Afrikaanse hoëronderwysinstelling, aan die minimum vereistes vir toelating tot graadprogramme sal voldoen.

Ons Eenheid vir Internasionale Kwalifikasies in US Internasionaal se Afrikasentrum vir Akademieskap is hard aan die werk om alle nodige stelsels en prosedures gereed te kry vir die gehalteversekering van die eerste ISS-eksamen in November 2022. Dít beteken dat die eerste kohort ISS-gekwalifiseerde studente volgende jaar vir universiteitsinskrywing in aanmerking sal kom.

Vir verdere inligting, klik hier of besoek www.sun.ac.za/SU-UIC en www.iebiq.com/pages/aboutus.

## 3.7 Taalsentrumopleiding in Rwanda

Die Taalsentrum se Skryf- en Kommunikasielaboratoriums het die Sentrum se voetspoor op ons vasteland verder uitgebrei met ’n besoek aan Rwanda van 7 tot 16 Maart. Die twee laboratoriums het in samewerking met die Afrika Instituut vir Wiskundige Wetenskappe (AIMS) as aanbieders opgetree by ’n opleidingsessie in Kigali vir magister- en doktorale studente, nadoktorale genote, navorsers en navorsingsgenote van AIMS. **Willemien Theron** van die Kommunikasielaboratorium het in haar sessies

deelnemers se kommunikasie- en aanbiedingsvaardighede geslyp, terwyl die sessies deur **Selene Delport** van die Skryflaboratorium oor die skryf en publikasie van navorsingsbevindinge gehandel het, met ’n bepaalde klem op skryfwerk vir vaktydskrifte. Die sessies is goed ontvang en die organiseerders het aangedui dat hulle van plan is om die Taalsentrum weer by volgende jaar se geleentheid te betrek.



*Willemien Theron van die Kommunikasielaboratorium in Kigali, Rwanda, saam met AIMS-studente en -personeel*

## 3.8 Vermoëbou by Walter Sisulu Universiteit

’n Span van die Taalsentrum het gedurende die Maart-reses Oos-Londen besoek om ’n werksessie vir dosente van die Fakulteit Ingenieurswese by Walter Sisulu Universiteit (WSU) aan te bied. Die inisiatief was deel van ’n groter projek van die DHOO se Universiteitsvermoëbouprogram.



In dié geval het die Universiteit van Coventry (Verenigde Koninkryk) met die US en WSU saamgewerk om WSU-personeel met toegespitste werksessies oor belangrike behoeftes in die ingenieursbedryf te bemagtig. Die US-projekleier was **prof Anton Basson** van ons Fakulteit Ingenieurswese.

Taalsentrumdosente **Erina Basson**, **Faika Haroun** en **Erica George** het oor hulle ervaring as aanbieders van die module Interkulturele Kommunikasie vir eerstejaars in die US se Ingenieurswesefakulteit gesels. ’n Belangrike element was die gebruik van ’n nasienrooster as formatiewe instrument wat studente terselfdertyd waardevolle terugvoer bied om hulle verslagskryfvaardighede te verbeter.

## 3.9 Taalsentrumpersoneel dien in Taalkommissiepaneel

Twee personeellede van die Taalsentrum is onlangs in die taaladvieskomitee van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns se Taalkommissie gekoöpteer. **Drs Alta van Rensburg** en **Carmen Brewis** sal die Taalkommissie vir die volgende drie jaar oor die bywerking van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*, die gesaghebbendste bron oor die gebruik van Afrikaans, adviseer.

## 3.10 Toegang tot Visuele Kunste

Toegang tot Visuele Kunste, ’n vlagskipprojek van die US Museum, bring benadeelde leerders na die museum om toegang te verbreed en hulle aan die visuele kunste bekend te stel. Ons benut ook sommer dié geleentheid om hulle die res van ons Stellenboschkampus te wys.
Die **Primêre Skool Bruckner De Villiers** en **Lindelani Plek van Veiligheid** het die US Museum in die verslagtydperk as deel van hierdie projek besoek.

## 3.11 ICGEB sluit ooreenkoms met US

Die direkteur-generaal van die **Internasionale Sentrum vir Genetiese Modifikasie en Biotegnologie** (ICGEB), **dr Lawrence Banks**, het op 28 Maart ’n memorandum van verstandhouding met die US onderteken. Die ICGEB is ’n unieke, outonome tussenregeringsorganisasie met biotegnologielaboratoriums in Italië, Indië en Suid-Afrika. Die doel van die ooreenkoms is om


vennootskappe en samewerking te versterk en sinergie op gebiede van gemeenskaplike belang te skep, alles tot voordeel van Suid-Afrika en die res van ons vasteland.

## TEMA 4: GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER

Volgens *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* behels hierdie tema die volgende: "Die US pak hiermee 'n reis van **genetwerkte en samewerkende onderrig en leer** aan deur leergemeenskappe te skep waar studente, personeel en alumni sinvolle leer kan ervaar. Die Universiteit bevorder 'n leergerigte benadering tot onderrig, met die klem op leer as 'n vennootskap, wat studente as medeskeppers van kennis en leeromgewings beskou. Binne 'n leergerigte benadering werk onderrigaktiwiteite kennisbou in die hand en word studente aktief by hulle eie leer betrek.

"Die Universiteit het ook 'n holistiese begrip van onderrig en leer, wat individuele sowel as sosiale voordele insluit. Die US se onderrigpraktyke is diep veranker in, word gevorm deur en reageer op die omgewings waarin dit plaasvind. Hierdie benaderings rig die Universiteit as 'n leerorganisasie, wat die ontwikkeling van leergemeenskappe onder studente, personeel en alumni in verskillende konfigurasies moontlik maak. Genetwerkte en samewerkende leer skep 'n omgewing wat intellektuele weetgierigheid aanmoedig, synde 'n noodsaaklike vaardigheid vir volgehoue kritiese en kreatiewe denke."

### 4.1 Opgeknapte Telematiese Dienste-ateljee



Telematiese Dienste se aanbod in hulle interaktiewe ateljee in Admin A op ons Stellenboschkampus brei fluks uit (*sien foto's regs*). Die ateljee, wat met hoëdefinisiekameras en hipermoderne beligting toegerus is, kan ingerig word as 'n formele leeromgewing met oorhoofse kamera-, PowerPoint- en regstreekse WhatsApp-interaksiefasiliteite, of as 'n informele stel vir paneelbesprekings of onderhoude. Kliënte het ook toegang tot 'n 'groenskerm' (chromasleuteldoek) en vloedbeligting sodat video's pasgemaak kan word na gelang van wat kliënte nodig het. Telematiese Dienste beoog om die voorkeurdiensverskaffer vir opnames en stroming vir interne én eksterne kliënte van Stellenbosch en omgewing te word.

### 4.2 Auxin-sessies vir akademiese ontwikkeling

In die Auxin-etensuursessie van 29 Maart het **dr Carmen Brewis** van die Taalsentrum die rol van opvoedkundige tolking as deel van onderrig-en-leerpraktyke in 'n meertalige universiteitslesing uitgelig. Ons hersiene Taalbeleid (2021) maak onder meer vir tolking voorsiening. Brewis het deelnemers insig gebied in die aard van 'n tolkbemiddelde lesing, en hoe tolke te werk gaan om toegang vir studente te bewerkstellig.

### 4.3 Seminare oor leer- en onderrigverryking

Twee US-onderriggenote het in die verslagtydperk seminare oor leer- en onderrigverryking aangebied. **Prof Debby Blaine** van Meganiese Ingenieurswese het op 11 Maart oor kurrikulumvernuwing vir holistiese leer gesels. Sy het voorgestel dat kurrikulumvernuwing 'n ruimte bied om gesamentlik innoverende en inklusiewe leeromgewings te skep waar sowel studente as personeel die US se waardes kan uitleef.

**Prof Ingrid Rewitzky**, Natuurwetenskappe se visedekaan vir Leer en Onderrig, het op haar beurt op 12 Mei 'n seminaar aangebied oor die gebruik van kompleksiteitsteorie vir program-evaluering. Sy het

aangevoer dat ’n doeltreffende evalueringsraamwerk vir US-programvernuwing met die dinamiese aard van leer moet rekening hou.

## 4.4 Vierde rondte benoemings vir hibridieseleerfinansiering

US-fakulteite het sedert Junie 2020 drie geleenthede ontvang om uitgesoekte aanbiedinge vir hibridieseleer- (HL-)finansiering te benoem. Verskeie HL-programme, -modules en -leereenhede is al na aanleiding daarvan ontwikkel. ’n Vierde geleentheid het in die eerste week van Mei 2022 geopen. Dié benoemingsrondte is afgestem op **nagraadse programme** soos diplomas en magistergrade wat spesifiek bedoel is vir **onderbediende markte** (onder meer die mark vir werkende studente, d.w.s. studente wat reeds die arbeidswêreld betree het en dus buigsame aanbiedinge met onafgebroke tydperke van aanlyn leer verkies). Klik hier vir aanbiedinge wat in die vorige rondte benoem is.

## 4.5 Vennootskap met edX

Ons vennootskap met edX, ’n wêreldwye verskaffer van aanlyn kursusse op universiteitsvlak, sal teen die middel van vanjaar in die openbaar aangekondig word. Die vennootskap het in Januarie ’n aanvang geneem. Die aankondiging sal vergesel word van ’n versoek vir inskrywings vir die eerste aanlyn kursusse wat ons internasionaal sal aanbied. Om vir hierdie mylpaal voor te berei, onderneem US-verteenwoordigers en die edX-span gesamentlik deeglike marknavorsing met behulp van die data van die meer as 40 miljoen edX-leerders in 196 lande. Dít sal dan as grondslag dien vir die sogenaamde StellenboschX-portefeuljestrategie. Ons aanbod sal uit massiewe oop aanlyn kursusse (oftewel “MOOC’s”) sowel as professionele sertifikate bestaan (aanlyn kursusse wat werkende beroepslui toerus met vaardighede waarna daar ’n groot vraag bestaan, en waarvoor hulle dan ’n mede-onderskrewe digitale sertifikaat ontvang).



Daarbenewens het ons Hibridiese Leer-onderrigontwerpspan opleiding in edX-kursusontwikkeling ondergaan. Dít beteken ons het nou die interne vermoë om ons internasionale aanlyn kursusportefeulje voortdurend aan te vul en uit te brei.

*Ontmoeting tussen edX-verteenwoordigers en lede van die US se Hibridiese Leer-span in die ateljee van die Sentrum vir Leertegnologieë op Stellenboschkampus*

## 4.6 Afrika Doktorale Akademie

Die Afrika Doktorale Akademie- (ADA-)**herfsskool** het van 28 Maart tot 2 April plaasgevind. Die 81 deelnemers was hoofsaaklik van Suid-Afrika (82%), gevolg deur Nigerië (7%) en Zimbabwe (6%). ’n Derde van die afgevaardigdes was in die beginstadiums van hulle doktorate (37%), terwyl ’n kwart reeds ’n doktorsgraad verwerf het, en sowat 15% byna gereed was om in te dien (15%).

Altesaam 20 universiteite was verteenwoordig. Die grootste groepe was van die Tshwane Universiteit vir Tegnologie (31%), gevolg deur Unisa (15%) en die US (13%). Slegs 10% was voltydse studente; 71% het voltyds gewerk.

Die ADA se maandelikse **Webinaar-Woensdae** is besonder gewild, en bywoningsyfers het die afgelope kwartaal die 200-merk verbygesteek. Die webinare is ’n geleentheid om met die US, sy personeel en kundigheid te spog en die ADA boonop die hele jaar deur ’n openbare teenwoordigheid te gee.

## 4.7 Inisiatief vir Ontluikende Akademici

Die Inisiatief vir Ontluikende Akademici van ons Afrikasentrum vir Akademieskap is ’n samewerkingsprojek wat uit verskeie multidissiplinêre gesamentlike skole met US-vennootuniversiteite elders op ons vasteland bestaan. Samesprekings is in die verslagtydperk met die **universiteite van Ghana en Namibië** sowel as **Makerere-universiteit** (Uganda) aangevoor om

navorsingsvermoëbouskole vir 2022 te beplan. Die eerste skool met die Universiteit van Namibië word in Junie aangebied. Die US se Skryflaboratorium en die Sentrum vir Hoër- en Volwassene-onderwys sal onderskeidelik kursusse in akademiese skryfwerk en nagraadse studieleiding aanbied.

### 4.8 Programvernuwing vir die gegradueerdes van die toekoms

Ons Afdeling Leer- en Onderrigverryking (ALOV) het op 20 April 2022 ’n universiteitswye werksessie oor toekomsgerigte programvernuwing as spelwisselaar aangebied.

Die sessie het ’n dubbele doel gehad. Die eerste was om ’n oorsig te bied van die programvernuwingsprojekte wat gedurende die eerste finansieringsiklus van die Universiteitsvermoëboutoelaag (UCDG) (2018–2020) in ons fakulteite voltooi is. Die tweede was om programvernuwing met die oog op die tweede UCDG-finansieringsiklus (2021–2023) as ’n universiteitswye strategiese spelwisselaar te posisioneer.

### 4.9 Opleiding in eweknieleerfasilitering vir studente

Ons Sentrum vir Onderrig en Leer bied ’n kortkursus oor eweknieleerfasilitering aan as ’n manier om toegewyde en suksesvolle Maties in staat te stel om hulle ervaring met medestudente te deel, en sodoende leer onder hulle portuur aan te moedig. Dit is ’n geakkrediteerde ko-kurrikulêre kursus, so studente wat dit voltooi, ontvang erkenning op hulle akademiese transkripte. Inskrywings is oop tot die einde van die derde kwartaal. Altesaam **98 studente van ses fakulteite** het tot dusver ingeskryf.

### 4.10 Frederik Van Zyl Slabbert Instituut-meesterklasse

Die aanlyn FVZS Instituut-meesterklasreeks is oop vir alle geregistreerde studente in Suid-Afrika en handel oor belangrike **leierskapstemas op plaaslike, nasionale en wêreldvlak**. Dit word in samewerking met plaaslike en internasionale vakkenners en interne vennote (waaronder US Internasionaal en die Stellenbosch Bestuurskool) aangebied.

Hierdie innoverende nuwe aanbod brei ons studenteskakeling ook na ander hoëronderwysvennote uit. Trouens, meer as 50% van die inskrywings vir die eerste meesterklas was studente van buite die US. Sowat 600–750 studente sal na verwagting vanjaar van hierdie leergeleenthede gebruik maak.

## TEMA 5: NAVORSING VIR IMPAK

Volgens *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* impliseer navorsing vir impak by die US “die **optimalisering van die wetenskaplike, ekonomiese, sosiale, vakkundige en kulturele impak van ons navorsing**. Die klem val op interdissiplinêre navorsing tot voordeel van die samelewing in nasionale, vastelands- en wêreldverband. Tog bly ons verbind tot basiese en dissiplinêre navorsingsuitnemendheid omdat dit as grondslag vir toegepaste en betekenisvolle navorsing dien”.

### 5.1 US se kohort A-gegradeerde navorsers brei uit

Die Nasionale Navorsingstigting (NNS) het die meeste van die uitkomste van sy jongste graderingsrondte bekend gemaak. Hoewel ons nog op verdere uitslae wag, is dit goed om op te merk dat ons navorsers tot dusver ’n rekordgetal A-graderings ontvang het. Die US het nou **493 NNS-gegradeerde navorsers**, van wie **20** oor **A-graderings** beskik. Klik hier vir ’n volledige lys van ons NNS-gegradeerde navorsers.

Navorsers wat in hierdie jongste rondte A-graderings ontvang het, is:

- **prof Sandy Liebenberg** (Publiekreg & HF Oppenheimer-leerstoel in menseregtereg);
- **prof André Weideman** (Toegepaste Wiskunde);
- **prof Johan Cilliers** (Praktiese Teologie en Missiologie);
- **prof Len Barbour** (Chemie & Polimeerwetenskap);
- **prof Willem Visser** (Rekenaarwetenskap);
- **prof Mark Cotton** (Pediatrie & Kindergesondheid);
- **prof Rob Warren** (Molekulêre Biologie en Mensgenetika);

- Prof Jonathan Jansen (Opvoedingbeleidstudie)
- Prof Leslie Swartz (Sielkunde)

Dit is proff Liebenberg, Weideman, Cilliers en Warren se eerste A-gradering, proff Visser en Cotton se tweede, en prof Barbour se vierde.

## 5.2 Navorsingsuitsette

As ’n openbare universiteit, voldoen die US aan die DHOO se Beleid oor Navorsingsuitsette (2015), wat beoog om “navorsingsproduktiwiteit aan te moedig deur navorsingsuitsette van gehalte by openbare hoëronderwysinstellings te beloon”. Ons vergelyk ons navorsingsprestasie met die uitseteenhede van alle ander instellings in die sektor wat in die DHOO se jaarverslae in dié verband verskyn. Die jongste verslag is die Verslag oor die Evaluering van Universiteitsnavorsingsuitsette vir 2020, wat in Maart 2022 uitgereik is.

Uit ’n vergelyking van ons prestasie met dié van ander instellings in **2020** blyk dat ons:

- **eerste was wat boekpublikasie-eenhede betref** (444,5 altesaam, of 16,92% van die totale uitset van alle universiteite in die land);
- **tweede was ten opsigte van konferensieverrigtinge** (74,6 – tussen die Universiteit van Johannesburg se 173,7 en die Universiteit van Kaapstad se 63);
- **derde was wat betref navorsingsuitsette per kop** (1,82 – naas die Universiteit van KwaZulu-Natal se 2 en die Universiteit van Johannesburg se 1,83); en
- **derde was met ons totale navorsingsuitset** (2 188,5 – naas KwaZulu-Natal se 2 402,4 en Johannesburg se 2 305,6).

Volgens die DHOO se verslag het die ses produktiefste universiteite (KwaZulu-Natal, Johannesburg, Stellenbosch, Pretoria, Witwatersrand en Kaapstad) bykans 59% van die sektor se totale navorsingspublikasieuitsette in 2020 bygedra.

Die verslag lê ook ’n baie sterk lineêre verband tussen die persentasie personeellede met doktorsgrade en universiteite se publikasie-uitsette per kop. In 2020 het 49% van alle akademici by Suid-Afrika se 26 openbare universiteite oor doktorsgrade beskik. By die **US het 63,3% van akademici doktorsgrade gehad (die derde meeste** in die sektor), naas Pretoria se 70,8% en Wits se 66,1%. Die Universiteit van KwaZulu-Natal het vierde geëindig met 61,6%.

Laastens het die DHOO tot dusver twee verslae oor **navorsingsuitsette in die skeppende kunste** (beeldende en visuele kunste, musiek, teater, uitvoerende kuns en dans, ontwerp, film en televisie, en woordkuns) gepubliseer. Die mees onlangse verslag is die Evalueringsverslag oor Kreatiewe Uitsette van 2021. Volgens dié verslag het die US **in 2019 die meeste uitsette gelewer** (53,6 eenhede, gevolg deur die Universiteit van Kaapstad met 24,29) en **tweede meeste in 2020** (34,45 eenhede, naas die Universiteit van Pretoria met 35,37).

## 5.3 Jongste navorsingstoekennings

Ons Fakulteit Natuurwetenskappe het in Maart verslag gedoen dat **prof Bert Klumperman** van Chemie en Polimeerwetenskap ’n toekenning van R18 miljoen van die Wellcome-trust ontvang het om nuwegenerasiepolimere vir die suksesvolle isolasie van membraanproteïene te ontwikkel. Die projek het op 1 Maart ’n aanvang geneem, en sal vyf jaar duur.

Intussen het die **Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad** in Mei ’n versoek vir voorstelle vir Covid-verwante navorsing uitgereik. Die US het 20 aansoeke ingedien, waarvan 18 goedgekeur is. Hierdie projekte het alles in 2022 begin, en sal twee tot drie jaar duur. ’n Volledige lys is hier te kry, maar die volgende twee projekte is op ons webtuiste uitgelig.

**Dr Lieketseng Ned**, ’n senior dosent in die Sentrum vir Gestremdheid- en Rehabilitasiestudies in ons Departement Globale Gesondheid, het ’n nuwelingnavorsertoekenning van R600 000 vir drie jaar ontvang vir haar projek “Health-system Covid-19 responses and experiences of people with disabilities, and of disability and rehabilitation practitioners in the Eastern Cape”.

Haar kollega in dieselfde sentrum, **dr Chioma Ohajunwa**, het ’n drie jaar lange toekenning van R300 000 ontvang vir haar navorsing “*Ukulungisa* (finding balance) in the times of the Covid-19 pandemic: Experiences of culture, resilience and wellbeing in an indigenous Xhosa community in South Africa”. Sy sal op die gemeenskap van Thamarha aan die buitewyke van King William’s Town (oftewel Qonce) konsentreer. Dr Ohajunwa het ook ’n twee jaar lange toekenning van R610 000 van die **NNS-fonds vir nadoktorale innovasie** ontvang.

## 5.4 Eerbewyse vir US-navorsers

’n Artikel oor **prof Wolfgang Preiser**, hoof van Geneeskundige Virologie in ons Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW), het in Maart in die prestigeryke vaktydskrif *The Lancet Infectious Diseases* verskyn. Die artikel (klik hier) vertel van sy betrokkenheid by die ontdekking van SARS-koronavirus by ’n Duitse pasiënt in 2003, en sy bydraes tot die ontdekking van die Beta- en Omicron-variante van SARS-CoV-2 in Suid-Afrika in 2021. Prof Preiser staan ook aan die hoof van die portefeulje geneeskundige virologie van die Nasionale Gesondheidslaboratoriumdiens, en sy laboratorium het al waardevolle bydraes gelewer tot die enorme landwye taak van Covid-19-toetsing.

Daarbenewens het die **Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad** (SAMNR) op 10 Maart die volgende vier FGGW-navorsers by sy 8ste Wetenskaplike Merietetoekennings in Kaapstad vereer:

- **Prof Andre Kengne**, buitengewone professor in Globale Gesondheid en ’n internasionaal gerekende epidemioloog op die gebied van nieoordraagbare siektes, het ’n platinumtoekenning ontvang vir sy voortreflike lewenslange wetenskaplike prestasies op gesondheidsterrein, sy bydrae om die statuur van Suid-Afrikaanse wetenskap te verhoog, en sy werk om ’n stewige grondslag van Suid-Afrikaanse gesondheidsnavorsing ter wille van toekomstige geslagte te lê. (Klik hier vir ’n video oor sy navorsing en benoeming.)
- **Prof Tulio de Oliveira**, professor in Bioinformatika in ons Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke en direkteur van ons Sentrum vir Epidemiereaksie en -innovasie, het ’n goue toekenning ontvang. Dié toekenning gaan aan gevestigde senior wetenskaplikes vir ’n internasionaal erkende navorsingsbydrae. (Klik hier vir ’n video.)
- **Prof Grant Theron** van Molekulêre Biologie en Mensgenetika het ’n goue toekenning vir sy werk op die gebied van tuberkulose ontvang. Hy is ’n lid van die DWI/NNS Sentrum vir Uitnemendheid in Tuberkulosenavorsing sowel as die SAMNR se Sentrum vir Tuberkulosenavorsing, wat albei in die FGGW geleë is. (Klik hier vir ’n video.)
- **Prof Marlo Möller**, hoof van die navorsingsgroep oor TB-gasheergenetika in Molekulêre Biologie en Mensgenetika, het ’n silwer toekenning ontvang. Die silwer toekenning gaan aan ontluikende wetenskaplikes en diegene wat verbind is tot vermoëbou. Kriteria sluit in navorsingsbydraes met ’n positiewe impak op gesondheid, veral in ontwikkelende lande. (Klik hier vir ’n video.)

By Teologie het uitgelese professor **Louis Jonker** die Andrew Murray-prys vir algemene Christelike boeke in Afrikaans ontvang vir die heruitgawe in 2020 van *Die Bybel in fokus: Hoe om gelowig én denkend te lees* (uitgegee deur Lux Verbi), waarvan hy in 1997 medeskrywer was. Prof Jonker het in 2018 ook die Andrew Murray-Desmond Tutu-prys vir Christelike en teologieboeke gewen vir sy *Defining all-Israel in Chronicles* (uitgegee deur Mohr Siebeck).

En in ons Departement Afrikaans en Nederlands is **prof Rufus Gouws** vanjaar se ontvanger van die Jan H Marais-prys vir sy uitstaande bydrae tot Afrikaans as ’n akademiese taal. Gouws word algemeen as een van Suid-Afrika se voorste leksikograwe beskou. Die US, Het Jan Marais Nationale Fonds en Naspers het die jaarlikse Jan H Marais-prys in 2015 tot stand gebring. By die skryf van dié verslag sou ’n formele oorhandiging van die prysgeld van R750 000 op 3 Junie op Stellenbosch plaasvind.

## 5.5 Nuwe Sentrum vir Navorsing oor Demokrasie

Politieke Wetenskap is nou die tuiste van die Sentrum vir Navorsing oor Demokrasie (Credo), ’n onlangs gestigte entiteit. Credo staan onder leiding van **prof Ursula van Beek** en spruit voort uit die werk van die voormalige Transformasienavorsingseenheid, wat ’n span kruisdissiplinêre medewerkers van oor die hele wêreld opgebou het. Die nuwe sentrum beoog om ’n leier te word in die studie van die enorme uitdagings waarvoor demokrasie in Suid-Afrika, die res van die streek en die wêreld te staan kom. Credo se eerste navorsingsprojek is reeds aan die gang en handel oor toenemende samelewings- en politieke polarisasie in ’n aantal lande.

## 5.6 US-navorsers ontvang UNESCO-leerstoel

Die UNESCO-leerstoel in komplekse sisteme en transformerende Afrikatoekomste is aan **prof Rika Preiser** en **me Tanja Hichert**, albei van ons Sentrum vir Volhoubaarheidsoorgange, toegeken.

Wat hierdie leerstoel uniek maak, is dat dit transdissiplinariteit en die integrasie van teorie en praktyk bevorder deur twee bekleërs aan te stel – een wat in teorieë van komplekse sisteme spesialiseer (Preiser), en die ander ’n kenner in die praktyk van toekomste en toekomsbeplanning (Hichert). Die leerstoel is vir vier jaar toegeken (Maart 2022 tot 2026). (Klik hier vir verdere inligting.)

# TEMA 6: VOORKEURWERKGEWER

*Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* beskryf ons mense as ons eerste “instaatsteller”, en een van die elemente “wat alles moontlik maak”, en sê dan: “Ter ondersteuning van die US se visie, missie, waardes en strewes is dit noodsaaklik om die gesondheid en welstand van ons mense te ondersteun. In die US se strewe om die **voorkeurwerkgewer** te wees, beoog ons ’n instaatstellende omgewing wat die beginsels van medeskepping en gepaste deelname insluit en die kenmerke van ’n inklusiewe kampuskultuur vergestalt.”

## 6.1 Personeelbyeenkoms

Die eerste personeelbyeenkoms van 2022 het op 9 Maart in aanlyn vorm plaasgevind, soos ons sedert die aanvang van Covid gewoond is. Bestuurslede het personeel oor belangrike ontwikkelings by die US ingelig, waaronder terugvoer van die Institusionele Beplanningsforum aan die begin van die jaar. Deelnemers kon van Afrikaanse en Xhosa-tolkingsdienste gebruik maak. Altesaam **551 personeellede** het ingeskakel, van wie 413 in Engels, 128 in Afrikaans en 10 in Xhosa deelgeneem het. Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking het met die Rektoraat saamgewerk om die byeenkoms te reël.

## 6.2 Ontwikkeling van nuwelingakademici

Ons Afdeling Navorsingsontwikkeling bied reeds die afgelope aantal jaar die program vir die ontwikkeling van nuwelingakademici aan. Terugvoer uit hierdie mentorskapsinisiatief toon presies hoe waardevol die leiding van ’n mentor vir die ontwikkeling van ’n suksesvolle navorsingsloopbaan kan wees. Altesaam 107 nuwelingakademici was teen April 2022 ingeskakel by die program.

## 6.3 Professorale intreelesings

’n Intreelesing is ’n formele geleentheid vir pas aangestelde professore of diegene wat tot volprofessor bevorder is, en moet binne ’n jaar ná aanstelling of bevordering gelewer word.

Die verantwoordelikheidsentrum van die Registrateur koördineer die produksie en publikasie van intreelesings, sowel as die inhoudsbestuur van ons intreelesingwebtuiste. Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking werk op sy beurt met die verskillende fakulteite saam om logistieke reëlings te tref, en hanteer ook die regstreekse stroming en video-opname van die lesings.

Die volgende intreelesings is teen 20 Mei gelewer:

- **Prof Bill Tucker**, Rekenaarwetenskap: “Forward together, sonke siya phambili, saam vorentoe”

- **Prof Thinus Booysen**, Ingenieurswese: "Ingenieurswese vir Afrika: Ons Internet van Dinge"
- **Prof Annie Bekker**, Ingenieurswese: "Wat kan ons leer uit die manier waarop ʼn skip op ʼn ysige wraksoektog vibreer"
- **Prof Richard Walls**, Ingenieurswese: "Brandveiligheidsingenieurswese – waar fisika en rampe ontmoet"
- **Prof Johan Fourie**, Ekonomie: "Suid-Afrika se lang pad na ekonomiese vryheid: ʼn Persoonlike reis"

## 6.4 Aanstellingskomitee van die Senaat

Werk aan die desentralisasie van akademiese aanstellings en bevorderings, ʼn toesigmeganisme vir akademiese aanstellings sowel as die afhandeling van die opdrag van die Aanstellingskomitee van die Senaat (AKS) is op dreef. Buiten dat dit werwing en bevorderings sal versnel, en dit sal moontlik maak om alle akademiese aanstellings en bevorderings op fakulteitsvlak te hanteer, sal hierdie maatreëls ook ons diensbillikheidsmandaat ten opsigte van akademiese personeel ondersteun. Die AKS sal ʼn sterk rigtinggewende, moniterings- en toesigrol vervul.

# SLOT

Nadat Covid-19 die afgelope twee jaar ons akademiese program aansienlik ontwrig het, is ons nou opnuut daarop toegespits om ons strategiese prioriteite na te streef en koers te hou om die kernbeginsels van ons *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* te verwesenlik. Halfpad deur die huidige akademiese jaar is die US, te oordeel na die inhoud van hierdie verslag, duidelik goed op pad na akademiese en navorsingsuitnemendheid met ʼn kontinentale impak en wêreldwye reikwydte.

Terselfdertyd moet ons vertroue in die Universiteit as ʼn plek van *inklusiewe* uitnemendheid herstel. Kom ons vat hande om rassisme, diskriminasie en geslagsgebaseerde geweld te bestry.



**Prof Wim de Villiers**
**Rektor en Visekanselier**

## MEDEWERKERS

*Hierdie verslag is saamgestel deur **Desmond Thompson**, bestuurder van Uitvoerende Kommunikasie, in samewerking met **prof Wim de Villiers**, Rektor en Visekanselier, sowel as **Mohamed Shaikh**, uitvoerende bestuurder in die Rektoraat. Redigeer- en vertaaldienste is gefasiliteer deur die **US Taalsentrum** en voorsien deur hulle medewerker **Hendrien Swanepoel**. Ons erken ook graag die volgende medewerkers, wat volgens **US-verantwoordelikheidsentrum** gelys word:*

**Bedryf en Finansies**: Prof Stan du Plessis, Petro Mostert, Mariëtte Hanekom, Ilhaam Groenewald, Kimara Singh, Nicolette van den Eijkel, Viljoen van der Walt, Japie Engelbrecht, Nadeem Gafieldien, Francois Swart, Dan Prata, Madelein Malan, Manie Lombard, Linda Keating, Karen Strauss, dr Denisha Jairam-Owthar, Anita Nel, Hein Swanepoel, Joshua Romisher, Carol Kat, Madelein Kleyn, Doris Peters

**Leer en Onderrig**: Prof Deresh Ramjugernath, Maretha Joyce, Jaco Greeff Brink, Nadine Christians, Michelle Munro, dr Jill Ryan, dr Antoinette van der Merwe, dr Karin Cattell-Holden, dr Anthea Jacobs, Charmaine van der Merwe, Sim Ntwasa, Veronica Kleinsmith, dr Gerda Dullaart, dr Nicoline Herman, Zainab Suliman, Erina Basson, dr Carmen Brewis, Sanet de Jager, Susan Lotz, Michelle Pieters, dr Kim Wallmach, André Müller, dr Marianne Bester, Miné de Klerk, dr Choice Makhetha, Pieter Kloppers, Anele Mdepa, Ruth Andrews, dr Marcia Lyner-Cleophas, Yeki Mosomothane, Khairoonisa Foflonker, Ayanda Ntuli

**Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie**: Prof Eugene Cloete, Inge-Rae Scholtz, Ilse de Lange, Maryke Hunter-Hüsselmann

**Registrateur**: Dr Ronel Retief, Lazelle Bonthuys, Gerhard Lipp, dr Celeste Nel, Bruce Banda, Ashmind Daniels, Farah Fredericks, Anne Havemann-Serfontein, Freek Truter, Karlien Breedt, Beire Kramer, Estie Geldenhuys, Wanda de Jager, Hameedah Parker, Penny van der Bank, Charmaine Wing, Che Bermosky, Felecia van Rooi, Jonathan-Dale Blanckenberg

**Sosiale Impak, Transformasie en Personeel**: Prof Nico Koopman, Natasha Coltman, Ulrich Wolff, dr Geraldine Frieslaar, Ricky Brecht, dr Marietjie Oelofsen, Awethu Fatyela, dr Claire Kelly, Katlego Letlonkane, Shanté Neff, dr Zethu Mkhize, Chevaan Peters, Michelle Pietersen, Fredelene Nefdt, Renee Hector-Kannemeyer, Mawethu Nyakatya, Jubelian Korkie, Ernestine Meyer-Adams, Saartjie Botha, Candice Andries, Carmen Paynter, Jan Knight, Johan Loubser, Ebrahiem Abrahams, Sello Molapo, dr Craig Thompson, dr Lynne Julie, dr Jo-Anne Kirby, sr Anneke van Heerden, dr Haidee Williams, Tanya Green, dr Melissa Janse van Vuren, Susan Crumpton, dr Pierre Viviers, Joanne Williams

**Strategie, Globale en Korporatiewe Sake**: Prof Hester Klopper, dr Wayne Muller, Christelle Feyt, Tertia Kruger, Naudé van der Merwe, Amira Brown, Marguerite Cloete, Marick Hornsveld, Candes Keating, Michelle Swart, Martin Viljoen, Magdel Pretorius, Leon Eygelaar, Jerall Toi, Jerusha Naidoo, Loumarie Kistner, dr Wilhelm Uys, dr Barbara Pool, Lidia du Plessis, dr Nico Elema, prof Sarah Howie, Sarah van der Westhuizen